
Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 6, No. 5

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Waarom woon u "u" kerk by?

Waarom woon u 'n spesifieke kerk by? Trouens, **waarom** gaan u enigsins kerk toe? Bowenal, wat sou die lewende **God** van u verwag?

Die meeste mense woon bloot die kerk by waarheen hul ouers, vriende of familie gegaan het. Tog gaan miljoene mense egter deesdae vir meer *persoonlike* redes kerk toe. Ek het onlangs met my buurman gesels en hy sê vir my: "Ons het 'n kerk probeer vind wat die beste program vir die jeug aanbied. Aangesien ons kinders het, behoort dit nie die belangrikste oorweging te wees nie?"

Ander mense probeer kerke opspoor wat meer met die tyd tred hou, wat modern en opwindend is, of wat meer aktiwiteite en beter musiek het. Ons dra almal kennis van die groot "mega-kerke" waar tot 10,000 mense byeenkom – genoeg mense om 'n klein stad te vul. In daardie kerke kan mens vir jare bywoon sonder om die meeste van die ander gemeentelede te leer ken. Ook is daar waarskynlik baie *min klem* op, of geleentheid, vir interaksie of berading met die leraar, of om deel te wees van 'n intieme "familie" kerkgangers wat mekaar verstaan en vir mekaar bid.

Dink daaraan!

Waarom het God 'n Kerk? Wat is die doel

daarmee? *Waarom* het die vroeë *Christene* na baie "ongewilde" plekke gegaan en selfs *hul lewens gewaag* om in die geheim in huise, klein gehuurde sale of selfs in *grotte* byeen te kom? Ons weet dat tienduisende *Christene* wat Romeinse vervolging gevrees het, letterlik *in grotte* langs die Appiese Weg in Rome en elders *byeengekom* het. In daardie vroeë eeue is baie *Christene* letterlik *dodgebrand* of in die openbaar vir wilde diere gegooi en tot die dood toe gemartel! Hulle moes 'n baie spesiale *rede* gehad het om "kerk toe te gaan" en bereid te gewees het om skande en selfs die dood te trotseer. Dit is nodig dat ons almal daaraan oorweging skenk!

Ons moet besef dat God wil hê dat ons – deur *Sy ware dienaars* en *Sy ware Kerk* – moet leer aangaande *Sy ware doel* vir ons lewens, en *hoe* om daardie doel te verwesenlik. Aangesien God 'n hele *kwart* van die Bybel aan profesie wy, is dit duidelik dat Hy wil hê dat ons *Sy doel* met hoe Hy wêreldgebeure lei moet bestudeer en verstaan. Onthou Jesus se opdrag, "**Waak** dan en **bid altyddeur**, sodat julle *waardig geag* mag word om *al hierdie dinge* wat kom, **te ontvlug** en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:36).

Toe Jesus Christus in die vlees gekom het, het Hy *gereeld* op die Sabbat saam met ander

Jode in die sinagoge *byeengekom*. Die Evangelie volgens Lukas sê vir ons: “Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei. Hy het die mense in die sinagoges geleer, en almal het met lof van Hom gepraat. Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos sy **gewoonte was, het Hy op die Sabbatdag na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees, is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee**” (Lukas 4:14-17 NV).

Dit was dus Jesus se “gewoonte” om op die sewendedagse Sabbat saam met Sy mede-Jode te aanbid. Toe Sy tyd aanbreek – as 'n volwasse manlike Jood – om God se Woord gedurende die Sabbatdiens te lees, is die boek Jesaja vir Hom gegee. Nadat Hy 'n gedeelte gelees het wat trouens Sy *bediening* voorspel het, het Jesus hulle toegesprek: “Vandag is hierdie **Skrifwoord** wat julle nou net gehoor het, vervul” (vers 21 NV).

Jesus het na die boek Jesaja as die “Heilige Skrif” verwys – *die einste woord van God!* Hy onderrig, “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Mattheus 4:4). Hier het die Seun van God, wat ons die “Ou-Testament” noem, as geldige **Skrif** verklaar – en Hy sê ons

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Waarom woon u “u” kerk by?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

U Grootse Toekoms

3

Ten spyte van die probleme en beproewings wat ons almal beleef, het u en ek die potensiaal vir 'n absolute grootse toekoms – 'n toekoms van ongelooflike vreugde en vervulling.

Wat is die Dag van die Here?

8

Jesus Christus het 'n toekomstige Dag van die Here voorspel wanneer God Sy oordeel oor die wêreld uitstort. Wat is daardie dag – is u gereed daarvoor?

Wat gebeur as die VSA in Irak faal?

12

Wat sal die gevolge wees as die VSA in sy verklaarde missie faal om 'n moderne demokratiese staat in Iran te vestig?

Die aarde slaan Terug!

17

Is aardverwarming die teken wat die einde van die wêreld aankondig? Wat is die ware betekenis van ontstellende omgewingsveranderinge?

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
 of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
 Bruce Tyler (Australië)
 Gerald Weston (Kanada)
 Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810
 Charlotte, NC 28227-8010
 Tel: (704) 844-1970
 Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
 Canberra, ACT 2601
 Tel: (07) 5546 0472
 Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
 Toronto, Ontario, M9W 6L0
 Tel: (905) 671-3730
 Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
 Auckland, New Zealand
 Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
 Makati City 1257, Philippines
 Tel: 63-2-813-6538
 Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092
 Motherwell, ML1 2YD Scotland
 Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS 9880
 Tel: 058 622 1424
 Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen tekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
 Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

U Grootse Toekoms

Deur Roderick C. Meredith

*Ten spyte van die probleme en beproewings wat ons almal beleef, het u en ek die potensiaal vir 'n absolute **grootse** toekoms – 'n toekoms van ongelooflike vreugde en vervulling ver verhewe bo enigiets waaraan die meeste mense ooit aan sou dink; 'n toekoms wat **werklik die antwoord gee** op die fundamentele vraag wat ons almal vra: **“Waarom is ek gebore?”***

Ek het grootgeword in die voetsteuwels van die Ozarkberge in die suide van Missouri. As kind het ek dikwels op 'n heuweltjie gesit en die hemele bekyk. In die lang, luilekker somerdae van daardie era het ek gewonder: “Is daar 'n spesiale rede waarom mense op hierdie aarde geplaas is?” Ek het ook gewonder: “*Waarom* moet ons so pyn verduur? *Waarom* moet die mens sulke verskriklike beproewings, oorloë, siektes, lyding – en dan nog ook die dood, ervaar?”

Toe ek 23 jaar oud was, het die werklike *antwoord* tot my begin deurdring! Ek was 'n voorgraadse student in 'n teologiese klas aangebied deur mnr. Herbert W Armstrong – een van die mees uitstaande opvoedkundiges van ons tyd. Een dag het hy vir ons gesê: “Manne, 'n oorweldigende idee het by my posgevat wat amper as kettery voorkom. Natuurlik wil ek nie iets verkondig of glo wat verkeerd of kettery is nie, maar hierdie nuwe begrip spring amper uit die blaai van die Bybel. Dit is iets wat die hoofstroom-godsdiensywerars en filosowe nog nooit verstaan het nie”.

“En tog,” het mnr. Armstrong voortgegaan, “as *enig* van julle studente vir my *uit die Bybel kan bewys* dat hierdie

merkwaardige nuwe begrip verkeerd is, *doen dit asseblief!* Ek vra julle eintlik om hierdie kwessie vir etlike weke te ondersoek, want ons *moet* seker wees om te verkondig slegs wat die Bybel werklik sê!”

Ek was besig met voorbereiding om 'n kursus in die Geloofsbriewe van Paulus te doseer toe mnr. Armstrong hierdie uitdaging aan ons rig. Oor die volgende paar weke – eintlik was dit vir etlike maande en jare – het baie van ons voortgegaan om hierdie grondliggende onderwerp te bestudeer om te bepaal of ons die verstommende nuwe idee *verkeerd* kon bewys. Maar, hoe meer ek dit bestudeer het, hoe sterker was my oortuiging dat hierdie nuwe begrip in werklikheid 'n *grootse* waarheid is wat misgekyk is deur die meeste godsdiensywerars, want, dit gee die werklike **antwoord** op die vraag *waarom* ons hier op aarde is en die werklike *doel* van ons lewens. Die afgelope 50 jaar lank mediteer ek steeds hieroor en ondersoek ek hierdie *ware* Bybelse begrip.

Die ANTWOORD

Die uiteindelijke *doel* vir die mens se bestaan was 'n algehele “verborgenheid” vir die groot

denkers en filosowe van die verlede. Dit is *vandag* steeds 'n misterie vir die *oorgrote meerderheid* belydende Christelike predikers. Die apostel Paulus skryf van “die **verborgenheid** wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan Sy heiliges” (Kolossense 1:26). Wat **is** hierdie diepgaande “verborgenheid?”

Paulus vervolg: “Aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die **heerlikheid** van hierdie verborgenheid onder die heidene is, *dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid*. Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel” (verse 27-28).

Die hoop van “heerlikheid?” 'n Noodsaaklikheid om elke mens “volmaak” in Christus voor te stel?

Ja! Want die opwindende, skitterende toekoms wat die Almagtige God vir Sy kinders beplan, is *amper te verhewe vir die mens se begrip!* En tog, u Bybel sê: “God is **liefde**” (1 Johannes 4:8). In Sy allesomvattende liefde het God inderwaarheid **alle** mense “na Sy beeld” geskape.

Aan die begin van die Bybel openbaar God aan ons baie inligting rakende ons doel en ons toekoms. “En God het gesê: *Laat Ons mense maak na Ons beeld*, na Ons gelykenis, en laat hulle **heers** oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape” (Genesis 1:26-27). God het *elke* mens – mans en vroue – “na Sybeeld” gemaak.

Let op wat God sê: “Laat Ons mense maak na **Ons** beeld”. Want God die Vader en die Woord – die Persoonlikheid wat later Homself geledig het en Jesus Christus geword het – het beraadslaag toe Hulle beplan het om alle menslike wesens na Hulle beeld te maak. Wat se vermoë sou die mens hê? God sê: “Laat hulle **heers** ...” en dit behels **heerskappy**, wat beteken om te heers. Van die begin af is die mens 'n beperkte gesag en heerskappy gegee oor al die ander wesens op die aarde. Aangaande ons omgewing sê God aan Adam en Eva om dit “te bewerk en te bewaak” (Genesis 2:15). Dus, al is die leeu en tiere op land en die groot walvisse en wrede haaie in die see baie groter en sterker as die mens, het *ons* die gesag en vermoë om hulle gevange te neem en in hokke of in tenks aan te hou – en **nie** andersom nie! God het aan ons die *breinkrag* en kreatiewe verbeeldingskrag gegee, **ver bo** die vermoëns van enige ander skepsel. Volgens ons

liggaamsvorm en ons geestelike vermoë asook ons kreatiewe verbeeldingskrag is ons – in *baie belangrike opsigte* – werklik geskape na die “beeld van God”!

Toe Koning Dawid van Israel in die ou dae na die hemele opgekyk en nagedink het oor die ongelooflike heelal, verklaar hy: “Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van U hande; U het alles onder sy voete gestel” (Psalm 8:5-7).

In hierdie inspirerende gedeelte wys Dawid daarop dat God “alles” onder ons voete gestel het. Maar wat is “alles” en wat behels dit? Ons Skepper het die skrywer van Hebreërs geïnspireer om uit die boonste paragraaf aan te haal, en die saak verder so te verduidelik. “**Alle dinge** het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van **alle dinge** aan hom het Hy **niks** uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie; maar ons sien Hom, *naamlik* Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlijkheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak. Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy **baie kinders na die heerlijkheid** wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak. Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle

wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie” (Hebreërs 2:8-11).

Baie geleerdes erken dat *ta panta* – die geïnspireerde uitdrukking in die oorspronklike Grieks in hierdie paragraaf – verwys na die hele kosmos – die *heelal*! Tog erken die skrywer van Hebreërs: “Maar nou sien ons *nog nie* dat alle dinge aan hom onderwerp is nie”.

Nog nie.

En tog, met ons Godgewe verstandelike vermoë en kreatiewe verbeelding beplan die mensdom nou om die hemele te “oorwin”. Die mens is inderdaad soos **God** gemaak – meer as wat die meeste van ons besef! En God *wil hê* dat ons eendag **ten volle** soos Hy moet wees – vir ewig Sy *opregte* kinders in Sy geestelik gebore Gesin!

Dit is **waarom** u gebore is!

God se uiteindelijke DOEL

Dit is *nie* bloot 'n sentimentele kwessie nie. Dit behels dat menslike wesens *deur* die grense van tyd, ruimte en werklikheid *breek* tot in 'n *hele nuwe dimensie* van bestaan, want ons is *geskape* met die potensiaal en die uiteindelijke **doel** om lede van God se Gesin te word, om saam met Hom en Christus die totale heelal **te regeer**! Toe Paulus skryf dat “*alle dinge*” onder die mense se voete gestel is, en dat God “niks uitgesonder [het] wat nie aan hom onderworpe is nie” – maar “**nog nie**” – toon hy duidelik aan dat ons geestelike wesens sal wees wat saam met Christus en die Vader in die toekoms kosmiese gebeure deur die

ganse heelal sal help uitvoer!

Daarom, soos wat Jesus “**deur lyde volmaak**” geword het, so moet ons ook *toetse* en **beprowings** beleef om absoluut aan God te bewys dat ons **geheel en al** aan Hom onderworpe is – **geheel en al** lojaal is aan Sy doel vir ons lewens. Jesus stel vir ons die voorbeeld om “**baie kinders** na die **heerlikheid** [te] bring!”

Ek is geseën met vier seuns en twee dogters. My kinders is almal op *dieselfde vlak* van bestaan en menswees as ek. My eie kinders, wat uit my en my vrou voortgekom het, is **nie** op 'n minderwaardige vlak nie! Soos die apostel Paulus geïnspireer is om te skryf: “Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, *sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders*” (Romeine 8:29). As Christus die eersgeborene van *baie* broeders is, is Sy broers op 'n laer vlak van bestaan – soos bokke, hoenders of spinnekoppe?

Let op! Oor en oor herhaal die Bybel soortgelyke stellings. Die Bybel openbaar ook dat die Kerk die beloofde “bruid” van Jesus Christus is! Apostel Paulus skryf: “Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente [Kerk]; en Hy is die Verlosser van die liggaam” (Efesiërs 5:22-23). Is Christus se bruid op 'n *laer vlak* van bestaan? Ten tye van die “huweliksfees” wanneer Christus met Sy Kerk “trou” – sal die herrese gelowiges

van God op Christus se vlak van bestaan wees, of sal Hy Hom verbind aan 'n wese op 'n *laer* vlak?

Onthou wat Jesus sê oor ons toekoms: “Maar die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry, trou nie en word nie in die huwelik uitgegee nie. Want hulle kan ook nie meer sterwe nie, want hulle is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle **kinders van die opstanding is**” (Lukas 20:35-36). Dus word die ware gelowiges van God “kinders van die opstanding” en hulle **kan nie sterf nie**. En die volle kinders van God sal in die opstanding soos *Christus lyk* – “*maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is*” (1 Johannes 3:2).

Hoe lyk Christus nou? Die Bybel verklaar: “... Een soos die Seun van die Mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy oë soos 'n vuurvlam, en Sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters. En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnijdende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag” (Openbaring 1:13-16).

Jesus Christus is *waarlik God*. Sy gesig skyn soos **die son!** Dié van ons wat gewillig is om waarlik ons hart, denke en wil aan God *oor te gee*, en met *opregte berou en bekering* deur middel van Jesus Christus na God kom,

kan uitsien na sodanige soort **grootse glorie!** Want die God van die Bybel wil hê dat almal van ons **volle** kinders moet word – nie minderwaardige wesens wat maar net kinders *genoem* word nie! Dus, na *opregte* berou en bekering, plaas God Sy *goddelike natuur* binne-in ware Christene. Dit is waarom Petrus geïnspireer is om te verklaar dat God, deur Sy goddelike krag “... ons die **grootste** en *kosbare* beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die **goddelike natuur**” (2 Petrus 1:4).

Natuurlik is dit maklik vir “geleerde” teoloë om sodanige en talle ander stellings weg “te vergeestelik”. Maar, daar is so *baie* soortgelyke geïnspireerde verse in die Bybel, wat dui op die **ongelooflike** geleentheid en **glorie** wat God in gedagte het vir diegene wat hulle uiteindelik aan Sy wil en aan Sy doel onderwerp! Die apostel Paulus sê aan Christene dat ons “in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk” (Efesiërs 3:18-20). Paulus is geïnspireer om te skryf dat die oorwinnaars uiteindelik vervul sal wees “**tot al die volheid van God**”. Is Paulus bloot “emosioneel” in hierdie paragraaf? Of wil ons Vader in die hemel werklik Sy **glorie deel** met toekomstige “seuns en dogters” – **ware**

kinders – wat werklik “soos Hy” sal wees, net soos wat u en ek lyk soos ons menslike vaders?

Jesus se finale gebed

Dink asseblief goed na oor die *werklike betekenis* van Jesus se laaste gebed aan Sy Vader in Johannes 17. Tydens die mees treffende gebed ooit in die Bybel geboekstaaf, versoek die Seun van God Sy Vader: “En nou, Vader, **verheerlik** My by Uself met die **heerlikheid** wat Ek by U gehad het *voordat die wêreld was*” (Johannes 17:5). Die meeste van u begryp dat Jesus sedert die begin van die skepping saam met God was, en “alle dinge het *deur Hom ontstaan*, en sonder Hom het **nie een ding** ontstaan wat ontstaan het nie” (Johannes 1:3). Dit is dus duidelik dat Christus die Vader versoek om die **volle heerlikheid** te herstel wat Hy gehad het toe Hy – handelend vir die Vader – Christus as die Ou-Testamentiese “Logos” (Segsman) *die grote heelal geskape het!* Want, Hy was **geheel en al** God in elke opsig!

Nadat Hy vir Sy dissipels gebid het, sê Jesus: “Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat *deur hulle woord* in My sal glo – dat almal **een** mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En *Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is*. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad

het net soos U My liefgehad het” (Johannes 17:20-23).

Kan ons die **ongelooflike** versoek van die Seun van God in hierdie gebed heeltemal verstaan? Want, Hy vra dat diegene van ons wat “deur hulle woord in My sal glo” die **volle heerlikheid** moet deel – duidelik bedoelende in die opstanding – wat Hy tans met die Vader deel. My vriende, Jesus het *werklik bedoel* wat Hy in hierdie geïnspireerde gebed sê – en die gebed is vir ons bewaar deurdat God Self die optekening en bewaring van die Skrif geïnspireer het. Christus het gevra dat Sy ware volgelinge uiteindelik **volkome** kinders van God word!

Onthou, die Vader en Christus is saamgestel uit **liefde** – *algehele spontane besorgheid* vir mekaar en vir Hulle skepping! Hulle wil 'n liefde **deel met hulle gesin**, 'n *interaksie* en warm *deelgenootskap* wat in 'n mate dieselfde is, maar in werklikheid baie meer intiem is as wat die gelukkigste menslike families vandag kan deel.

Wanneer ons ten **volle kinders** van God word in die opstanding, sal ons in staat wees om met Christus en die Vader te kommunikeer en *ten volle te deel* in Hulle gedagtes, planne en projekte. Ons sal ongetwyfeld met Hulle saamwerk aan verskillende toekomstige skeppende projekte en aktiwiteite in die heelal! Want, God is *nie staties nie*, Hy *groeit*. Hy brei uit en vermeerder. Die hele Bybel wys dat Hy sodanige Persoonlikheid is, en dat ons “soos Hy” sal wees in elke opsig.

Die profeet Jesaja is geïnspireer om ons te vertel dat God se Koninkryk sal lei “tot **vermeerdering** van die heerskappy en tot vrede **sonder einde**” (Jesaja 9:6).

Vandag reeds laat die briljante verbeelding en kreatiewe vermoë van die mensdom baie uitvindings en wetenskaplikes wonder oor die moontlikheid om in die toekoms die buitenste ruim en ander planeete of selfs heelal **totaal** te “oorwin” en te bevolk. Ek het onlangs op die nasionale openbare radio in die VSA 'n gerespekteerde professor aan 'n hooggeplaaste Universiteit hoor spekuleer dat dit blykbaar vir die mens moontlik kan wees om eendag 'n algehele heelal te kan “skep”!

Is dié gerespekteerde professor **van sy verstand af**?

Nee, eintlik nie. Maar, in sy bespiegeling oortref hy homself – asook die mensdom se huidige vermoëns! Want, ongelukkig het die mensdom nog nie hulle eie menslike natuur oorwin nie – hulle eie selfsugtigheid, trots, wellus en gierigheid. Soos die apostel Jakobus dit stel: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie (Jakobus 4:1-2).

Weens ons geneigdheid om toe te gee aan ons “menslike” natuur – eintlik *Satan se natuur* wat werkzaam is in die meeste

mense deur Satan se uitgebreide invloed (Efesiërs 2:2) – sal die mens afdwaal lank voordat hulle hierdie wetenskaplike se droom kan bereik. Maar, diegene wat gewillig is om *hulself te verootmoedig*, en werklik strewe na die denke en wil van hul Skepper, sal uiteindelik die heelal **regeer** saam met Jesus Christus maar dit sal op *God se manier* geskied, nie volgens die mensdom se selfsugtige en misleide manier nie.

Wanneer dit egter gebeur, sal ons as menslike wesens so te sê “ontploff” tot in 'n algehele nuwe dimensie van bestaan. Ons sal dan **mag** hê soos wat God mag het. Ons sal dan *dink* soos God – met algehele insig, wysheid, selfbeheersdheid en opregte, *spontane, uitgaande liefde*. Ons sal dan in staat wees om te funksioneer as die “Godgesin” – altyd onderdanig aan die Vader en aan Christus – in

samewerking met Hulle en met mekaar in 'n uitdagende bestaan van *vervulling* en **vreugde**, vir ewig.

Dit is u ontsagwekkende toekoms – *as u kan glo* wat die Bybel *inderwaarheid* keer op keer oor dié saak aantoon! Dit is **waarom** God op verskeie maniere vir ons sê dat Hy ons na “Sy beeld” gemaak het. Dit is **waarom** God ons oor en oor “toets,” en ons in so baie situasies beproef om te bepaal **of** ons ons waarlik aan Sy wil sal onderwerp. As ons egter gewillig is om onderdanig te wees aan die *ware* God van die Bybel **deur Jesus Christus** – die Een wat die **algehele openbaring** is van wie God is en hoe God is – dan, saam met Jesus, sal ons **volkome lede** van die Godgesin word, en saam met Christus en die Vader deel hê aan die ongelooflikste bestaan van uitdagings en vreugde, 'n

bestaan wat die mens hom nie eens kan begin indink nie!

Ten spyte van die beproewings en probleme hoop ek dit is nou duidelik – as u gewillig is om te verstaan – dat u kan uitsien na 'n werklik *ongelooflike* en **grootse** toekoms! Maar, God bied daardie toekoms aan u *slegs* op voorwaarde dat u bereid is om “uit” hierdie huidige wêreld “uit te kom,” waarlik **glo** in die God van die Bybel, en letterlik u lewe **gee** aan Hom deur die ware Jesus Christus. Dan sal Hy u 'n *geleentheid* en 'n **ongelooflike toekoms** gee, ver verhewe bo enigiets waaraan filosowe en wetenskaplikes kan dink! God Self sê direk aan ons: “Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en My gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9). **WVMI**

U uiteindelijke Lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolgd word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Wat is die Dag van die Here?

Deur Richard F. Ames

Jesus Christus het 'n toekomstige Dag van die Here voorspel wanneer God Sy oordeel oor die wêreld uitstort. Wat is daardie dag – is u gereed daarvoor?

Bybelprofesieë wys dat, voordat Jesus Christus na die aarde terugkeer, die aarde 'n tydperk sal beleef wat bekend sal staan as die “Dag van die Here,” wanneer God elke nasie op aarde sal oordeel. Min mense verstaan egter hierdie sleutelperiode in profesie – 'n tyd wat binnekort sal aanbreek.

Hoe weet ons dat dit binnekort sal kom? Die Messias, Jesus van Nasaret, beskryf die gevaarlike toestande wat die eindtyd sal oorheers. Hy sê: “Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar hierdie dinge is 'n begin van die smarte” (Mattheus 24:7-8).

Klink dit soos ons wêreld van vandag? Terrorisme bedreig die Westerse nasies. Natuurrampe – siklone, orkane, tsoenamies, aardbewings en tornado's – wat rekords oortref, het die afgelope paar jaar honderde duisende mense se lewens geëis. Die atoombomme wat in 1945 losgelaat is op Hiroshima en Nagasaki het 'n nuwe era van massavernietiging ingelui. Kernwapens kan nou alle lewe op die planeet aarde uitwis. Sal die mensdom homself vernietig,

of sal God ons spaar – minstens 'n paar van ons?

Wat is die Dag van die Here? Die apostel Johannes skryf: “Ek was in die Gees op die Dag van die Here, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin” (Openbaring 1:10). Die frase wat Johannes gebruik – die Dag van die Here – word op geen ander plek in die Bybel gebruik nie. Waaroor skryf Johannes hier? Johannes het **nie** oor Sondag geskryf nie – indien wel, sou hy dit as “die eerste dag” van die week beskryf het, soos in die Evangelie van Johannes. Trouens, hy beskryf **geen spesifieke dag** van die week nie. Johannes gee 'n beskrywing van die periode wat in die res van die boek die profetiese Dag van die Here genoem word – daardie reeks gebeure in die eindtyd wat Jesus Christus se Wederkoms inlui as die Koning van konings en Here van here!

Studente wat ernstig is oor Bybelstudie verstaan dat ons in die Bybelse eindtyd leef. Die mensdom se geskiedenis dui daarop dat nasies elke moontlike oorlogswaapen sal gebruik om grondgebied op te eis en ander nasies te oorwin. Sedert 1947 simboliseer die sogenaamde “Doomsday Clock”

of oordeelsdaghorsie van die *Bulletin of the Atomic Scientists*, die wêreldgevaar van atoomkrag en die stand van internasionale veiligheid. Op 17 Januarie 2007 publiseer die *Bulletin* hul stelling oor “die bedreiging van 'n tweede kernkragtydvak en die verwagte gevolge van klimaatsverandering” en volg dit op deur die wysers van die oordeelsdaghorsie aan te skuif – tot vyf minute voor middernag. Sal die oordeelsdaghorsie in die volgende paar jaar aanstap tot by middernag? Bybelprofesieë gee die antwoord.

Die sewe seëls

In Openbaring 5 lees ons van 'n boek wat met sewe seëls verseël is. Jesus, die Openbaarder, maak daardie seëls oop. Ons lees in Openbaring 6 die beskrywing van daardie seëls. Die eerste vier seëls staan bekend as die vier ruiters van Openbaring. Die eerste perd – die wit perd – en sy ruiters verteenwoordig valse godsdienste, vals Christusse. Jesus wys in Mattheus 24 die volgorde van gebeure in die eindtyd, ook bekend as die profetiese rede of die bergrede omdat Jesus dit verduidelik het op die Olyfberg.

Die tweede seël beskryf 'n ruiter op 'n rooi perd, met gesag om vrede van die aarde te verdryf. Die derde seël toon 'n ruiter op 'n swart perd en verteenwoordig 'n voedseltekort wat lei tot hongersnood. Die vierde seël toon 'n ruiter op 'n vaal perd, met gesag om meer as 'n kwart van die wêreld-bevolking uit te wis.

Siniese persone sê dat daar altyd oorloë, hongersnood en pessiëktes was. Maar, soos wat die tyd aanstap, sal ons sien dat die vier ruiters van Openbaring se trefkrag vererger, met intense wêreldwye gevolge. Hierdie vier ruiters behels die eerste vier seëls. Wat gebeur wanneer die vyfde seël geopen word? “En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuïenis wat hulle gehad het” (Openbaring 6:9).

Hierdie vyfde seël beskryf die marteldood van die heiliges, ware Christene. In die eerste eeu het Keiser Nero die Christene wreed vervolgd en doodgemaak. Die vyfde seël voorspel ook 'n groot vervolging van Christene in die eindtyd. Dan maak Jesus die sesde seël oop en openbaar die hemelse tekens wat mense oor die hele wêreld gaan skok. “En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyboom wat deur

'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit” (Openbaring 6:12-14).

Daar sal nie net asteroïdes en meteoriete wees wat mense bangmaak nie, maar geweldige aardbewings gaan ook die aarde skud. Die apostel Johannes het gesien dat “al die berge en eilande ... uit hulle plekke versit” word. Daardie aardbewings en dramatiese gebeure in die hemelruim is die inleiding tot die Dag van die Here. God **sal** ons aandag dan hê! Diegene wat die Skepper en Sy lewenswyse verwerp, sal geoordeel word. Dis natuurlik beter vir almal van ons om ons nou te bekeer en nederig voor God te staan, eerder as om later so verskriklik beproef te word.

Hierdie hemelse tekens is die begin van die Dag van die Here, die periode van God se toorn en oordeel oor 'n ondankbare, rebelse wêreld. Dit mag vir sommige van u 'n verrassing wees, maar Jesus Christus, die Lam van God, sal **toornig** wees. Hy sal God se regverdige oordeel uitvoer. Die Dag van die Here word genoem “die groot dag van Sy toorn!” (Openbaring 6:17). Die sewende seël van Openbaring, wat volg op die hemelse tekens, beskryf daardie Dag van die Here. Die sewende seël behels sewe groot profetiese gebeure wat deur basuine of trompette ingelui word. Let hierop: “En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte

in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee” (Openbaring 8:1-2).

Hulle is ook bekend as die sewe basuinplae en strek vanaf die Dag van die Here tot die Wederkoms van Christus. Die apostel Johannes beskryf die eerste vier basuine in Openbaring 8:7-13. Hulle beskryf ekologiese rampe. 'n Derde van al die bome brand af, en alle groen gras verbrand. 'n Derde van al die lewende wesens in die see gaan dood; 'n derde van die skepe word vernietig. 'n Derde van die riviere en waterfonteine word giftig. 'n Derde van die son, maan en sterre word donker.

Die hele wêreld sal hierdie groot dag van God se toorn beleef! Waarom? Omdat die nasies vals godsdienste nagevolg het. Baie nasies sal ongoddelike diktators navolg wat teen Christus gaan veg met Sy Wederkoms.

Oordeel, dan vrede

Wat presies is die Dag van die Here? Dit is die tyd van God se oordeel oor die nasies. Ja, alle nasies op aarde sal geoordeel word. Maar, God se oordeel oor die nasies sal uiteindelik wêreldvrede bring. Wat is die oplossing vir wêreldoorloë, geweld en konflikte? Die oplossing vir die wêreld se probleme is die Wederkoms van Christus om oor alle nasies te regeer, en om alle nasies die weg van vrede te leer. Jesus Christus, die Koning

van konings, sal “oordeel tussen baie volke en regspraak vir magtige nasies tot in die verte” (Miga 4:3). Christus sal die nasies oordeel tydens die Dag van die Here, enook daarna.

Die Dag van die Here is die sewende seël van Openbaring. Onthou dat sewe basuine tydens die Dag van die Here God se oordeel oor die nasies aankondig. Nadat vier van die sewe basuine geblaas het, bly drie oor, en die apostel Johannes beskryf wat hy in die visioen gesien en gehoor het: “En ek het gesien en gehoor 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van drie engele wat nog sal blaas!” (Openbaring 8:13).

Die laaste drie basuine word weë genoem. Die woord “wee” is 'n uitroep van smart. Die eerste wee of vyfde basuin word beskryf in Openbaring 9. Die vyfde engel blaas die basuin wat militêre optrede inlui en vyf maande lank duur. En watter tipe mag ondersteun daardie militêre optrede? “En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; Sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam van Apollion” (Openbaring 9:11).

Ja, die verwoester, Satan die Duiwel, gee mag aan hierdie militêre groep. Die tweede wee word beskryf met simbole van perde en ruiters. Hier sien ons 'n intense militêre teenaanval. “Die een wee het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë.

En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat” (verse 9:12-14). 'n Leër van 200 miljoen beweeg weswaarts oor die Eufraatrivier en wis een derde van die aarde se bevolking uit! “Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en die dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plaes is **'n derde van die mense gedood**, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het” (verse 15-18). In hierdie fase van die Derde Wêreldoorlog gaan biljoene mense doodgemaak word! Jesus het in Mattheus 24:22 gesê dat indien daardie dae nie verkort word nie alle mense sal sterf – dus, alle lewe op aarde vernietig sal word!

Die finale basuin

Tot dusver het ons 'n kort bespreking gehad van ses van die sewe basuine wat die Dag van die Here behels. Die geluid

van die sewende en laaste basuin verkondig die goeie nuus waarna opregte Christene uitsien: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!” (Openbaring 11:15). Hierdie sewende basuin kondig die vestiging van die Koninkryk van God op aarde aan asook die Wederkoms van Jesus Christus. Ten tye van hierdie laaste basuin sal die getroue gelowiges, wat in hulle grafte wag, opgewek word as geestelike wesens (1 Korintiërs 15:52). Hulle sal dan vir 'n duisend jaar saam met Christus regeer om blywende vrede tussen die nasies te bewerkstellig. Openbaring 20 kondig die wonderlike toekomst aan wat genoem word die Millennium, of duisendjarige vrederyk. U en ek behoort ons voor te berei vir daardie tyd! En, ons behoort Bybelprofesieë te bestudeer en te verstaan.

Die sewende basuin kondig die goeie nuus aan dat Christus wêreldregerings oorneem. Maar, die sewende basuin is ook die derde wee. Waarom? Want dit lui ook die sewe laaste plaes in! Die sesde van daardie plaes behels voorbereiding vir die sogenaamde Armageddon. In die noorde van Israel, op die vlakte van Jesreel naby Megiddo, gaan 'n geweldige groot en magtige militêre magsgroep saamtrek! Hierdie leërs sal wesenlik veg teen die Bevelvoerder van die hemelse

leërs, Jesus Christus. Die apostel Johannes skryf: "Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En Sy oë was soos 'n vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy Self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op Sy kleed en op Sy heup

die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here" (Openbaring 19:11-16).

Wanneer Christus terugkeer na die aarde, sal Hy al Sy vyande oorwin. Hy sal die nasies en hulle magtige leërs wat teen Hom opgetrek het, oorwin met Sy Wederkoms. Die Dag van die Here bring God se oordeel oor die nasies. Soos ons gesien het, is die Dag van die Here aan die een kant daardie jaar wat Christus se Wederkoms voorafgaan. Aan die ander kant duur dit voort deur die Millennium en tot in ewigheid.

Die apostel Petrus beskryf dit so: "Maar die Dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al

hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die Dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens Sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Petrus 3:10-13).

Die apostel Petrus maan ons om in 'n geestelike toestand van gereedheid te wees. Ons behoort op die uitkyk te wees vir die Dag van die Here, wat 'n moeilike tyd van oordeel op die nasies gaan wees. En daarna, die Wêreld van Môre, 'n wonderlike tyd van skoonheid, voorspoed en vernuwing onder die heerskappy van Christus. Mag God daardie dag gou laat kom! **WvM**

Die Sewe Seëls van Openbaring						
Eerste Seël	Tweede Seël	Derde Seël	Vierde Seël	Vyfte Seël	Sesde Seël	Sewende Seël
Wit Perd: Misleiding Openbaring 6:1-2	Rooi Perd: Oorlog Openbaring 6:3-4	Swart Perd: Hongersnood Openbaring 6:5-6	Vaal Perd: Pessiektes Openbaring 6:7-8	Marteling en Groot Verdrukking Openbaring 6:9-11	Hemelse Tekens Openbaring 6:12-17	Stille in die hemel Openbaring 8:1-6
						Sewe Trompet Plae Openbaring 8:2
Sewe Trompette: Die Dag van die Here						
Eerste Trompet	Tweede Trompet	Derde Trompet	Vierde Trompet	Vyfte Trompet	Sesde Trompet	Sewende Trompet
Groen gras en 'n derde van die bome word verbrand. Openbaring 8:7	'n Derde van see word bloed; 'n derde van skepe en seelewe word deur vuur vernietig. Openbaring 8:8-9	'n Derde van die water word bitter. Openbaring 8:10-11	'n Derde van die son, maan en sterre skyn nie. Openbaring 8:12	"Sprinkane" oefen die Dier se militêre mag uit. Openbaring 9:1-12	Leër van 200 miljoen man kom byeen. Openbaring 9:13-21	Die koninkryk word verkondig. Die Wederkoms Openbaring 11:15-19
						Sewe Laaste Plae (Skale)
Eerste Plaa	Tweede Plaa	Derde Plaa	Vierde Plaa	Vyfte Plaa	Sesde Plaa	Sewende Plaa
Bose swere telster diegene wat die merk van die dier dra. Openbaring 16:2	See verander in bloed; alle seelewe sterf. Openbaring 16:3	Riviere verander in bloed. Openbaring 16:4-7	Die mensdom word met die son geskroel en laater God. Openbaring 16:8-9	Die troon van die Dier en sy koninkryk word getelster. Openbaring 16:10-11	Eufraat droog op; die wêreldleërs versamel by Armageddon. Openbaring 16:12-16	Die aarde word geskud deur 'n geweldige groot aardbewing. Openbaring 16:17-21

Wat gebeur as die VSA in Irak faal?

Deur Dexter B. Wakefield

Die Verenigde State het sy militêre mag en nasionale aansien aan 'n teenstrydige oorlog in Irak gewy, maar dinge vorder nie soos beplan nie. Wat sal die gevolge wees as die VSA in sy verklaarde missie faal om 'n moderne demokratiese staat in Iran te vestig?

In April 2003 het 'n militêre koalisie, hoofsaaklik gelei deur die magte van die Verenigde State, Saddam Hussein as heerser in Irak verwyder. Beleidmakers het gehoop om sy Baathistiese tirannie met 'n Irakse demokratiese staat te vervang wat sou kon dien as 'n ligpunt van moderniteit in die Midde-Ooste en 'n teenwig kon wees teen die toenemende mag van radikale Islam in daardie gebied. Gedurende daardie tyd het die VSA se regering ook die noodsaaklikheid om wapens van massavernietiging te verwyder, as 'n rede vir die inval aangegee. Humanitêre motiewe het die hoop om die bevolking van Irak te bevry van 'n moorddadige diktator en om as 'n teenvoeter te dien teen die groeiende terroristiese bedreiging, ingesluit.

Nou, bykans vier jaar later, vra baie mense hulself af: “Was dit die moeite werd?” “Kan dit nog werk?” Min mense vra die dieper vrae, soos: “Wat doen die VSA in Irak uit 'n strategiese en

historiese oogpunt?” Nog minder – veral in die VSA – verstaan dat dit Europa is, nie die VSA nie, wat die meeste op die spel het in Irak.

Vroeër hierdie jaar, in sy 10 Januarie toespraak aan die nasie, het President George W. Bush sommige van die gevolge van 'n mislukking in Irak uitgelig: “Radikale Islamitiese ekstremiste sal toeneem in mag en nuwe rekrute verwerf. Hulle sal in 'n beter posisie wees om gematigde regerings te laat tuimel, chaos in die gebied te veroorsaak en die oliereserwes aan te wend om hul eie ambisies te bevorder. Iran sal daardeur aangemoedig word in sy strewe na atoomwapens. Ons vyande sal 'n veilige hawe hê vanwaar aanvalle op die Amerikaanse volk beplan en geloods kan word. Op 11 September 2001 het ons gesien wat 'n toevlug vir ekstremiste aan die ander kant van die wêreld, in die strate van ons eie stede kan aanrig. Vir die veiligheid van ons eie mense is dit noodsaaklik dat Amerika in

Irak moet slaag.”

President Bush verstaan dat daar baie op die spel is en dat die VSA belange in 'n stabiele Irak deel. Wat egter, as hy polities of op militêre gebied, “nie in staat is om die taak te voltooi” nie? 'n Mislukking in Irak beteken nie noodwendig 'n militêre nederlaag nie. Toe die Israelies Libanon in 2006 binnegeval het om Hesbolla se groeiende militêre vermoë te verminder, het die Moslemse wêreld die veldtog as 'n oorwinning aan Hesbolla toegejuig – selfs toe Hesbolla baie vegters verloor het en uit die suide van Libanon gedruk is. Slegs die feit dat die Israelse aanval oorleef is, was as 'n sukses gereken.

Indien 'n radikale Islamitiese regering in Irak aan bewind kom nadat die VSA onttrek het, sal die uiteinde vir Irak en die hele Midde-Ooste baie slegter wees as voorheen, selfs sonder 'n militêre nederlaag op Amerikaanse kerfstok. Is hierdie 'n onwaarskynlike scenario? Moslems het hoofsaaklik,

wanneer hulle die geleentheid gegun was om te stem, Islamiete verkies. Indien Irak egter in sektariese chaos verval nadat die VSA onttrek het, sal 'n outokratiese Islamitiese regering weer die orde herstel.

Botsing tussen Europa en Islam

'n Amerikaanse mislukking in Irak sal ook die Europese Unie se siening van hulself en hul verhouding met die Midde-Ooste verander. Maar, om die redes vir hierdie toekomstige Europese vereniging te verstaan, is dit nodig om ook Europa se onstuimige verhouding met Islam oor die laaste 13 eeue te verstaan. Hier volg 'n kort uiteensetting:

571 – 632 n.C.

Die lewe van Mohammed.

637 n.C.

Jerusalem en Sirië deur Moslems verower en die beëindiging van drie eeue van Romeinse heerskappy.

7de en 8ste eeue n.C.

Mohammed en ander Moslemheersers versprei die Kalifaat (Islamitiese godsdienstige heerskappy) regoor die Midde-Ooste en Noord-Afrika.

711 n.C.

Spanje word deur Noord-Afrikaanse Moslems binne geval.

732 n.C.

Moslemse opmars deur Frankryk word gekeer naby Tours (Poitiers), nie ver van Parys af nie.

792 n.C.

Suidelike Frankryk word deur Moslem-magte binnegeval.

Laat 8ste – vroeë 9de eeue n.C.

Moslemse verowerings regoor Europa, insluitende Sicilië en suidelike Italië. Karel die Grote weerstaan die Moslemse leërs in Frankryk en in dele van Spanje. Die aanvang van sewe eeue se oorloë om westelike Europa terug te win.

846 n.C.

St. Peter se Basilika in Rome deur Moslemse magte geplunder en verwoes.

1095 n.C.

Die eerste Kruistog bring die Katolieke leërs na die Midde-Ooste om die lande wat in 637 n.C. verloor is, terug te win.

1099 – 1187 n.C.

Jerusalem vir 'n kort tydjie terug onder Katolieke beheer.

14de – 16de eeue n.C.

Groot dele van oostelike Europa val voor die magte van die Ottomaanse Turke en kom so onder die Kalifaat.

1492 n.C.

Katolieke magte voltooi die herowering van Spanje; Moslems word uit Granada verdryf.

1683 n.C.

Wenen, Oostenryk, weerstaan die laaste Moslemse beleg; Moslems begin in oostelike Europa terugval.

1718 n.C.

Moslemse magte in Oostenryk en Hongarye verslaan.

Hoe het die Moslems hul oorloë in Europa regverdig? Dit is belangrik om te onthou dat Islam Judaïsme en Christelikheid, alhoewel dit uit dieselfde Abrahamse oorsprong ontstaan het, as ketterye afmaak. Princeton Universiteit se befaamde historikus, Bernard Lewis, skryf: "Uit 'n Moslemse oogpunt, het die Jode en later die Christene, die pad byster geraak en valse leerstellings nagevolg. Albei die gelowe is dus afgeskaf en vervang deur Islam, die laaste en volmaakte openbaring in God se volgorde" (*The Crisis of Islam*, bl. 44).

Die Moslems sien derhalwe hul duisend jaar lange aanslag op Europa as 'n "heilige oorlog" – 'n *djihad*. In teenstelling daarmee sien hulle in die agtiende eeu die eulange strooptogte van Europa in die Midde-Ooste, as "imperialisme". Lewis merk verder op: "Vir hulle (die Moslems) het die woord imperialisme 'n spesiale betekenis. Dié woord was nooit

deur die Moslems van die groot Moslemse Ryke – die een wat eerste deur die Arabiere gestig is en die lateres deur die Turke – gebruik nie, wat groot grondgebiede en volkere verower het om dit in te sluit in die Huis van Islam. Vir hulle is dit heeltemal regmatig vir Moslems om Europeërs te verower en oor hulle te heers, om hulle dus in staat te stel – maar nie te verplig nie – om die ware geloof aan te neem” (*ibid.* bl. 55).

Dit is dus geen verrassing dat Westerse en Moslemse persepsies van die Kruistogte hemelsbreed verskil nie. Na e e u e v a n M o s l e m s e verowering was die Arabiese *djihad* hokgeslaan en toe uiteindelik deur die Europeërs afgeweer. In die Ooste het Bisantynse leërs Konstantinopel teen die Arabiese aanvalle verdedig, terwyl die “Reconquista” vanuit die Weste geleidelik die Moslems uit die Spaanse skiereiland geforseer het. Die Italiaanse skiereiland het as geheel weer onder Katolieke beheer gekom. Gedurende daardie oorloë het Katolieke Europeërs verskeie pogings geloods om Christus se geboorteplek, wat die Moslems in 637 n.C. verower het, vir hulle geloof terug te win. Behalwe vir 'n paar oorwinnings wat van korte duur was, was die Kruistogte bykans 'n totale mislukking. Historikus Lewis lewer kommentaar oor hoe die Kruistogte uiteindelik beskou is: “Belangstelling in die Kruistogte as 'n besondere historiese gebeurtenis, dateer uit die

negentiende eeu asook die vertaling van Europese boeke oor die geskiedenis. Sedertdien was daar 'n nuwe persepsie van die Kruistogte as 'n vroeë prototipe van die uitbreiding van die Europese imperialisme in die Islamitiese wêreld. 'n Meer akkurate beskrywing sou hulle as 'n lank-vertraagde, baie beperkte en uiteindelik baie oneffektiewe reaksie op die *djihad* uitwys” (*ibid.* bl. 50-51).

Dit kan aangevoer word dat die Weste eers 'n noemenswaardige oorwinning oor die Kalifaat behaal het nadat die Ottomaanse Ryk na die Eerste Wêreldoorlog verslaan is. Vandag se radikale Moslems wil weer daardie Kalifaat in ere herstel. Daniël Benjamin, 'n nasionale lid van die Veiligheidsraad van die Clinton-administrasie, verduidelik aan 'n onderhoudoerder, Kwame Holman: “Osama bin Laden en sy volgelinge het beslis 'n andersiening van die heelal as wat ons het ... hulle glo dat hulle gewelddadigheid goddelik gemagtig is. Hulle handel dus ook op 'n bonatuurlike vlak – asu dit so wil stel – en vir hulle is dit al wat belangrik is – die groot stryd om die kalifaat weer gevestig te kry – 'n Moslemse superstaat soos wat dit in die 7de eeu was” (*NewsHour*, 13 September 2001).

Radikale Moslems glo dit is hul godsdienstige plig om aan Islam die *Dar-al-Islam* te herstel (die “Huis van Islam” – enige lande wat al ooit voorheen onder Moslem beheer was, insluitende dele van Europa) asook die *Dar-*

al-Harb (letterlik die “Huis van Oorlog” – al daardie nie-Moslemse lande wat deur oorlog onder Islamitiese beheer gebring moet word).

President Bush verkeer onder geen illusie aangaande die doelstellings van die terroriste nie; hy het hulle ambisies duidelik beskryf in 'n toespraak aan die Militêre Offisiere Vereniging van Amerika, op 5 September 2006: “Hierdie kalifaat sal 'n totalitêre Islamitiese Ryk wees wat alle huidige en vorige Moslemlande sal insluit en sal strek vanaf Europa, Noord-Afrika, tot die Midde-Ooste en Suidoos Asië. Ons weet dit, want al Qaeda het ons dit vertel. Ongeveer twee maande gelede het die terroris, Zwahiri – hy is al Qaeda se tweede-in-bevel – verklaar dat al Qaeda beoog om hul heerskappy af te dwing op 'elke land wat al die tuiste van Islam was, vanaf [Spanje] tot Irak.’ Hy het voortgegaan om te sê: 'Die hele wêreld is 'n ope veld vir ons.' ... Luister weereens na die woorde van Osama bin Laden vroeër hierdie jaar: 'Die dood is verkiesliker as om saam met ongelowiges op hierdie aarde te leef.’”

Strategiese Bedreigings

Tydens die Tweede Wêreldoorlog was Duitse en Japanese fasiste 'n strategiese militêre bedreiging vir die Verenigde State want hulle het groot leërs, see- en lugmagte gehad wat gebiede kon binneval en beset. Gedurende die Koue

Oorlog was die Sowjet Unie 'n ware strategiese bedreiging as gevolg van hulle kernwapens, enorme militêre instellings en internasionale veldtogte om militêre en politieke leierskap.

Olieryk Moslem nasies kan seer sekerlik die VSA se ekonomie in gevaar stel deur petroleum-voorsiening te ontwig. Dit is egter belangrik om te besef dat Islam nie nou 'n groot genoeg weermag tot stand kan bring om die VSA te oorwin nie. Alhoewel terrorisme ernstige ekonomiese en psigologiese skade kan berokken, kan dit nie 'n strategiese bedreiging vir Amerikaanse grondgebied inhou nie.

In teenstelling daarmee het Islam 'n lang geskiedenis as 'n strategiese bedreiging vir Europa, met 'n duisend jaar van militêre invalle en besettings wat strek vanaf die 8ste eeu. Anders as die Amerikaners, het die Europeërs – *op Europese grondgebied* – eeue van oorloë met Moslems verduur. Die Europeërs begin stadigaan besef dat, gedagtig aan die geskiedenis van *djihad* in Europa, 'n herestelde Islamitiese Kalifaat weereens 'n strategiese bedreiging vir Europa sal inhou.

Waarlikwaar, Islamiete herinner Europeërs openlik aan hierdie bedreiging. Iran se President Mahmoud Ahmadinejad het die Europese Unie geskok toe hy verlede jaar in die openbaar verklaar het: “Ons het die Europeërs ingelig dat die Amerikaners ver weg is, maar julle is die bure van die

nasies van hierdie streek. Ons deel julle mee dat die nasies soos 'n oseaan is wat opwel en as 'n storm losbreek, sal die omvang daarvan nie beperk bly tot Palestina nie en julle mag seerkry. Dit is in julle eie belang om julle te distansieer van hierdie kriminele [Israel]. Dit is 'n ultimatum” (“Almadinejad Does Europe”, *Wall Street Journal*, 24 Oktober 2006, bl. A18).

Die “Amerikaners wat ver weg is” sal voordeel trek uit 'n sukses van hul beleid in Irak, maar – of dit nou ook al die bedoeling van die Bush-administrasie is of nie – die Europeërs sal by verre die grootste bevoordeeldes wees. Derhalwe, uit 'n strategiese en historiese perspektief, dien die Amerikaanse inval in Irak as 'n voorbehoedende aanval teen Islamitiese radikalisme en die hervestiging van die kalifaat, as 'n volmag vir die Europeërs. Indien die VSA in Irak faal, dan verloor Europa dubbeld. 'n Neerlaag vir die VSA sal nie slegs groter vermoëns aan radikale Islam verleen om op hulle toekomstige sukses in Europa te fokus nie; 'n platgeslane VSA sal minder geneig wees om deel te neem aan enige verdere militêre verbintenisse en die Europese verwagting van Amerikaanse beskerming vir Europa sal verminder of heeltemal verdwyn. Indien die VSA faal, sal Europa geen ander keuse hê as “om alleen te staan” en onderling saam te snoer om hul eie beskerming teen toekomstige Islamitiese bedreigings te kan

voorsien nie – net soos hulle dit in vervloë eeue moes doen.

In hierdie klimaat neem die Europese inisiatiewe, soos hulle Snelle Reaksiemag, selfs groter belangrikheid aan. Die EU se Snelle Reaksiemag was in 1999 gestig, maar is nog steeds in sy kinderskoene. Teoreties het die EU aspirasies vir 'n 80,000 man sterk Europese weermag om 'n algemene buitelandse beleid af te dwing. In November 2006 het Pole voorgestel dat die mag 100,000 sterk moet wees, maar hierdie mag funksioneer nog nie op die vlak wat baie Europeërs vir dit in die toekoms beoog nie. Nadat hulle vir lank op NATO vertrou het, sal Europa se magsewewig dramaties verander word deur die totstandkoming van 'n werklike effektiewe EU weermag. NATO was die belangrikste verdediging van Europa sedert die 1950's en die VSA se militêre mag was die ruggraat van NATO tydens die Koue Oorlog, toe die Sowjet se strategiese bedreiging doeltreffend weerstaan was. EU amptenare voorsien egter al hoe meer die noodsaaklikheid van organisering en befondsing om hul eie militêre instelling te laat herleef. Met die toenemende bewustheid van 'n bedreiging vanuit militante Islam saam met verminderde vertroue in die VSA se beleid en militêre mag, sal die behoefte aan 'n Europese mag slegs toeneem.

Die Europese identiteit

Duitsers, Franse, Italianers

en Pole mag hemelsbreed op taalkundige gebied verskil, maar hulle het lank reeds die kulturele eenheid van 'n gemeenskaplike geloof gedeel. Antieke katedrale domineer die landskap in meeste Europese stede. Pous Benedictus XVI het die rol van die Rooms-Katolieke Kerk as 'n saambindende faktor wat Europeërs saamsnoer tot 'n gemeenskaplike kultuur, beklemtoon – 'n tema wat hy geërf het van sy voorganger, Pous John Paul II, wat gesê het: “Die geskiedenis van die vorming van die Europese Nasies hou tred met hul evangelisasie. Gevolglik, ten spyte van die geestelike krisis wat die lewe van die kontinent in ons dae kenmerk, sal sy identiteit ondenkbaar wees sonder Christelikheid ... Slegs 'n Europa wat sy Christelike wortels nie elimineer nie maar dit herontdek, sal in staat wees om die uitdagings van die derde millennium die hoof te bied: Vrede, interkulturele en intergodsdienstige dialoog, die beveiliging van die skepping. Dit word van alle gelowiges in Christus in die Europese Ooste en Weste verwag om hul eie bydrae te lewer deur oop en oopregte ekumeniese samewerking” (*Regina Caeli*, 2 Mei 2004).

Daar is egter 'n toenemende gewaarwording dat hierdie algemene element ondermyn word, nie slegs deur 'n welsynsleer nie, maar ook deur die snelgroeiende Moslem-bevolking in Europa. Soos dit

verlede jaar duidelik geblyk het uit die geskil wat ontstaan het n a d a t t e k e n i n g e v a n Mohammed deur 'n Deense nuusblad gepubliseer was, is baie van Europa se Moslems baie gou om godsdienstige verdraagsaamheid te eis, maar glad nie so gou om dit te gee nie.

In so 'n klimaat het baie wat die Vatikaan se sienswyse van die Europese geskiedenis en kultuur steun, hul beywer vir 'n “Christelike Identiteitsklousule” in die voorgestelde EU Konstitusie. So 'n klousule was uiteindelik uit die laaste konsepweergawe van die konstitusie gelaat, dus beskou baie Katolieke Europeërs dit as van die Voorsienigheid toe Frankryk en die Nederlande gestem het om die konstitusie te verwerp – en dit dus na die ontwerpersbord teruggestuur het waar die “Christelike Identiteitsklousule” weereens oorweeg kan word.

Die winde van Islamitiese identiteit waai tans deur die Moslemwêreld en daardie wind waai nou in Europa se rigting. Maar, ten aansien van 'n waarneembare kulturele en strategiese bedreiging van Islam, kan daardie selfde winde 'n vernuwing van die Katolieke identiteit na wêreldse Europa bring? Die Vatikaan hoop so!

Nuus vóórdat dit gebeur

Die geskiedenis van Europa kan ons baie oor ons huidige probleme vertel, maar wêreldgebeure kan nog verder geïllustreer word deur die

“toekomstige geskiedenis” soos dit deur die Bybel se profesieë openbaar word. God deel aan ons die nuus mee lank vóór dit gebeur. As gevolg daarvan kan gelowige mense huidige gebeure waarneem in die konteks van 'n voltooide verloop van die geskiedenis.

God sê aan die profeet Jesaja: “Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: 'My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal ek doen’” (Jesaja 46:9-10).

Die profeet Daniël voorspel akkuraat die struweling waarin 'n reeks heersers betrek sal word om die gebied rondom Jerusalem te beheer. Konings van die Noorde sal stryd voer teen die konings van die Suide. Vanaf Daniël 11:40 spring die profesieë tot net ná ons tyd, na die “tyd van die einde” – die dae teen die einde van hierdie tydperk, net voor die Wederkoms van die Messias. In hierdie verse sien ons 'n heerser suid van Jerusalem wat aan bewind sal kom en baie magtig sal word. Hy sal 'n noordelike mag aanval of met hom “in botsing kom,” 'n mag wat die Bybel uitwys as 'n opvolger van die Romeinse Ryk – 'n Europese moondheid.

“Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op

Vervolg op bladsy 27

Die Aarde Slaan Terug!

Deur Douglas S Winnail

Is aardverwarming die teken wat die einde van die wêreld aankondig? Wat is die ware betekenis van ontstellende omgewingsveranderinge? Hou die gevolge van klimaatsveranderinge verband met Bybelprofesieë?

Nie so lank gelede nie het 'n belangrike nuusblad in Engeland 'n hoofartikel geplaas met die opskrif: **"Is this the end of the world? Earthquakes, Hurricanes, Floods. What is happening to our planet?"** [Is hierdie die einde van die wêreld? Aardbewings, Orkane, Oorstromings. Wat gebeur met ons planeet?]. Die artikel verwys na drie groot orkane wat New Orleans en groot dele van die Amerikaanse Golfkus [Gulf Coast] in 2005 verwoes het. Dit vermeld ook die dodelike hittegolwe en droogtes sowel as die groot gety golf wat oor die Indiese Oseaan gespoel en 'n spoor van dood en verwoesting nagelaat het.

Die skrywer rammel 'n string wêreldwye rampe af: "Die see word verander in suur, die lug versmoor ons, die pole se ysbedekking smelt. Hongersnood, pessiektes en plaes was gewoone spelende woorde uit die Bybel; nou is dit redes tot empatie-uitputting ... Geen wonder sommige mense glo ons leef nou in die Laaste Dae nie." Die artikel beskryf verder hoe 200 toonaangewende wetenskaplikes die Britse Eerste Minister, Tony Blair, gewaarsku het dat "wêreldwye rampspoed nader is as ooit tevore as gevolg van

klimaatsverandering". Die skrywer erken: "Selfs diegene van ons wat minder daarvan oortuig is dat die einde absoluut voor hande is, hou die nuus dop, lees die koerante of vlug vir die jongste natuurramp en wonder wat op aarde besig is om met ons planeet te gebeur. Is hierdie die begin van die einde?" (*The Independent on Sunday*, 16 Oktober 2005).

Op 2 Februarie hierdie jaar het die Tussenregeringse Paneel oor klimaatsverandering, 'n liggaam van wetenskaplikes uit die Verenigde Volke met lede uit 113 lande, sy verslag "Klimaatsveranderinge, 2007" vrygestel en voorspel dat temperature en seevlakke "nog vir eeue" sal bly styg. Die paneel voorspel dat seevlakke teen die einde van hierdie eeu tussen 7 en 30 duim (17.5cm - 75cm) sal styg en dat temperature tussen 2 en 11 grade Fahrenheit sal verhoog.

Is iets onheilspellend en buitengewoon *regtig besig* om op hierdie aarde *te gebeur*, of is die besorgdheid oor klimaatsveranderinge niks anders as die vrese van diegene wat die begrip aanhang sonder enige ondersteunende feite? Het ons 'n *unieke en ongeëwenaarde* tyd in die geskiedenis van ons planeet betree, of neem ons

slegs maar die uiterstes van die natuur waar terwyl alles maar nog steeds binne die grense van normale perke val? Is die aarde, wat lank reeds deur menslike ontwikkeling misbruik word, besig om terug te slaan?

Deesdae is baie mense daarvan bewus dat groot veranderinge besig is om regoor die aardbol plaas te vind, nogtans besef baie min van hulle dat daar 'n *unieke bron* is wat die *werklike betekenis* van wêreldgebeure verduidelik. Terwyl wetenskaplikes feite kan konstater, kan hulle slegs oor die toekoms *spekuleer*. Daarenteen bevat die Bybel dosyne profesieë wat *onthul* wat die toestande aan die einde van hierdie tydvak sal wees, net voor die Wederkoms van Jesus Christus. Jesus het aan Sy dissipels gesê om 'n *hele reeks* gebeure *dop te hou* wat hierdie beslissende keerpunt in die geskiedenis sal aandui. Is wêreldwye omgewings-toestande werklik besig om ooreen te stem met lankbepeinsde Bybelprofesieë?

Dekades van waarskuwings

Besorgdheid oor 'n waarneembare skakel tussen dramatiese omgewingsgebeure, wêreldwye

klimaatsveranderings en die toekoms van die menslike beskawing is *nóg nuut, nóg verrassend*. Dr. Paul Ehrlich, professor van biologiese wetenskappe aan Stanford Universiteit, het geskryf: “Die ontsettende omgewingsgevaar wat ons beskawing in die gesig staar, is sekerlik geen geheim nie ... Vir dekades het omgewings-wetenskaplikes waarskuwings gerig oor onderling-ineenskakelende omgewingsneigings, soos die verlies aan plant- en dier-verskeidenheid, skielike klimaatsveranderings en verspreiding van giftige chemikalieë oor die aarde heen, wat tensy dit gekeer word, uiteindelik ons beskawing ten gronde kan laat gaan” (*One with Nineveh*, bl. 7). Ehrlich haal aan uit 'n 1993 verslag deur 58 wetenskaplike akademici: “Die omvang van hierdie bedreiging ... is gekoppel aan die grootte van die menslike populasie en die hulpbronne wat elke persoon verbruik ... Soos wat die menslike getalle verder toeneem, netso sal *die potensiaal vir onomkeerbare veranderings met verreikende omvang, ook toeneem*” (*ibid.*, bl.8).

Terwyl hy gedien het as voorsitter van die Raad op Omgewingskwaliteit tydens die Carter-administrasie, was Yale se professor vir bosbou, Dr. James Speth, een van diegene wat alarm gemaak het aangaande die bedreigings vir die wêreldwye omgewing. Vir meer as 25 jaar het Speth

wetenskaplikes se onrusbarende verslae rakende verwagte wêreldwye klimaats-ontwrigtings versamel – verslae wat ontstellend korrek bewys was. Speth en andere het begin om te sien daar is 'n “nuwe agenda van *wêreldwye omgewingsuitdagings* wat meer dreigend en moeiliker sal wees as die oorwegend-huishoudelike sake wat ons motiveer ... Klimaatsveranderings, uitputting van die oseaniese visserye, ontbossing van die trope, uitwissing van spesies, agteruitgang van landbougrond en ander ongewenste prosesse was besig om op 'n *onrusbarende skaal en tempo* plaas te vind” (*Red Sky at Morning*, bl. xi).

Navorsers Clive Ponting van die Universiteitskollege van Swansea in die Verenigde Koninkryk, waarsku: “Dit is nou feitlik seker ... dat wêreldwye temperature sal styg tot 'n vlak wat nog nooit voorheen in gevestigde gemeenskappe ondervind was of selfs in die laaste 100,000 jaar nie ... Aardverwarming is derhalwe 'n bewys – vir die eerste keer op 'n wêreldwye skaal – van die gevolge wanneer ekologiese beperkings negeer word. Die gevolge vir lewe, die aarde en die mensdom, sal ontsaglik wees” (*A Green History of the Earth*, bl. 405). Wat presies is egter besig om met die aarde se omgewing te gebeur wat sulke ernstige besorgdheid by die wetenskaplikes wek?

Ons bedreigde planeet

Die mees fundamentele en verreikende omgewingsuitdagings wat ons vandag die hoof moet bied, is toenemende vlakke van planeetverwarmende kweekhuis-gasse, soos koolsuurgas, metaangas en chloorfluorkoolstof, wat die hitte vanaf die son vasvang. Koolsuurgas word vrygestel wanneer fossielbrandstof verbrand word – olie, petrol, steenkool en natuurlike gas. Metaangas word vrygestel deur die mikrobiële ontbinding van organiese materiaal. Lugversorgingstelsels gebruik chloorfluorkoolstof. Konsentrasievlakke van koolsuurgas in die atmosfeer het gestyg vanaf voor-industriële vlakke van 280 dele per miljoen (voor 1750 n.C.) tot meer as 380 dele per miljoen in 2005. Yskernmonsters uit Antarktika toon dat “koolsuurgas [nou] 27 persent hoër [is] as tydens enige ander periode die afgelope 650,000 jaar” (*Environment*, Jan/Feb. 2006 bl. 6-7). Vrstellings van koolsuurgas in die atmosfeer wêreldwyd kan met soveel as 60 persent tussen 2001 en 2025 toeneem, soos wat digbevolkte nasies soos Indië en China voortgaan om te industrialiseer en meer petrolaangedrewe voertuie aanskaf (Speth, bl. 18). Tussen een derde en die helfte van die wêreld se bosse is vernietig. Dit gee weer aanleiding tot die verhoging van koolsuurgas-vlakke, omdat bome koolsuurgas uit die atmosfeer onttrek (*ibid.*, bl. 14).

Die verhoging van atmosferiese koolsuurgas is in nou verband met die stygende temperature in die wêreld. Gedurende die laaste 30 jaar het die aarde met 0.36 grade Fahrenheit per dekade verwarm. Dit het die aarde se gemiddelde temperatuur opgestoot tot die “hoogste sedert die einde van die laaste ystydperk, sowat 12,000 jaar gelede” (*New York Times*, 26 September 2006). Al Gore, voormalige Visepresident van die Verenigde State, wys in sy merkwaardige boek, *An Inconvenient Truth*, daarop dat 20 van die 21 warmste jare sedert die 1860's, tydens die laaste kwart eeu ondervind was (bl. 72-73). Die uitwerking van die verhoogde temperature is meer dramaties nader aan die Noord- en die Suidpole, waar die smeltende sneeu en ys minder sonlig reflekteer en die ontblote land en see meer hitte van die son absorbeer – en daardeur die verwarmingseffek vergroot. Verskeie onlangse studies toon dat die smelting van die winter see-ys in die Noordpool tydens die laaste twee jare geweldig toegeneem het, met 'n stuk so groot as Turkye wat in slegs 12 maande verdwyn het” (*The Independent*, 9 September 2006).

Reg oor die wêreld is gletsers besig om teen 'n al hoe vinniger tempo te smelt. Studies toon aan dat die ontdooiende areas van ysgrond in die subarktiese gebiede, metaangas sal vrystel en dié gas het 'n 20 keer hoër verwarmings-

kapasiteit as koolsuurgas. Navorsers sien hierdie *onverwagte* vrystelling van groot hoeveelhede metaangas as 'n “**klimatoriese tydbom**” wat net wag om te ontplof, wat dan weer wêreldtemperature dramaties sal verhoog (*Science News*, 9 September 2006). Noorweegse wetenskaplikes het ontdek dat die konsentrasie van chloorfluorkoolstof – wat hitte 'n duisend keer meer vasvang as koolsuurgas, tussen 2001 en 2004 verdubbel het (*New Scientist*, 30 September 2006). Al hierdie faktore het die temperatuurstyging die laaste 20 jaar versnel.

Een gevolg van temperatuurstyging in die wêreld en die gevolglike smelting van see-ys en kontinentale gletsers, is die *styging van die seevlakke*. Terwyl warmer temperature gletsers laat smelt wat op hulle beurt water in die oseane vrylaat, sal die seevlakke dienooreenkomstig styg. Deur die laaste eeu heen, het die vlakke van die oseane met nagenoeg 8 duim (omtrent 20 cm) gestyg, terwyl die aarde se temperatuur met sowat een graad verhoog het (*New York Times*, 20 Junie 2006). Wetenskaplikes beraam dat 'n drie grade verhoging van die temperatuur, baie van die dryfys in die Noordpool en ysbanke in Antarktika sal smelt, sowel as die Groenland-gletser, wat die oseaanvlakke met etlike voet kan laat styg (*The Revenge of Gaia*, Lovelock, bl. 51-53). Dit sal 'n groot deel van Florida, die VSA se Golfkus en die oostelike

seekus, groot dele van Suidoostelike Engeland en baie van die laagliggende eilande in die Indiese Oseaan oorstrom. Miljoene mense sal *ontwortel word en gedwing word om te verhuis* vanuit Kolkato, Beijing en Shanghai (Gore, bl. 198-209). Stygende seevlakke maak kusontwikkeling en stede langs die getyrieviere meer kwesbaar vir stormdeinings. Indien London oorstrom en verwoes sou word deur stormdeinings, kan dit as 'n finansiële sentrum geruïneer wees “wat daartoe sal lei dat Frankfurt Europa se finansiële sentrum sal word” (*The Times*, 23 Augustus 2006). Sir David King, hoofwetenskaplike raadgewer vir die Britse Regering, het opgemerk dat “die kaarte van die wêreld oorgeteken sal moet word” (Gore, bl. 196-197) as gevolg van die stygende temperature en seevlakke,

Terwyl gletsers en see-ys smelt, sal miljoene liter vars water in die oseane vrygelaat word. Dit sal die soutkonsentrasie van die oseaanwater verdun en kan die vloei van die Golfstroom ontwig. Dit kan katastrofiese uitwerkings hê op die landbou-areas in Noordwestelike Europa. Stygende temperature word ook verbind met rekord hittegolwe en toenemende droogtes, wolkbreuke en rampspoedige oorstromings, sowel as *ongewenaarde* storms en orkane. Die drie orkane wat New Orleans in 2005 voos geslaan het, was *groter en meer intense storms as wat nog ooit voorheen*

geboekstaaf was! In 2006 het sommige van die warmste en droogste toestande die rekord landbou-produksie in Australië verwoes (*The Sydney Morning Herald*, 28 Oktober 2006). 'n Onlangse verslag deur 'n regeringsagentskap in die Verenigde Koninkryk, voorspel dat die aarde se temperatuur teen 2050 met 3° C (5.4° F) sal verhoog, wat droogte en hongersnood vir 400 miljoen mense tot gevolg sal hê en natuurlewe sal vernietig ... as gevolg van verlies aan bewerkbare grond en waterskaarste" (*The Times*, 4 Mei 2006). Temperatuurverhogings het alreeds die bevolking van die Koningspikkewyne in Antarktika met 70% verminder, omdat die vaste see-ys wat noodsaaklik is vir hulle nesmakery, so verdun is dat dit uitmekaar breek en die see indryf (Gore, bl. 178). Stygende temperature in onlangse dekades wêreldwyd het ook bygedra tot die verspreiding van siektes soos malaria en Wesnylkoors na nuwe gebiede (*Environment*, 26 Junie 2006, bl. 6-7). Oor die laaste kwart eeu het omtrent 30 nuwe siektes te voorskyn gekom – en ou siektes is nou weer besig om kop uit te steek (Gore, bl. 174).

Beskawing in gevaar

Wetenskaplikes wat die gevolge van aardverwarming beraam, beskryf die toekoms met 'n sombere perspektief – wat *merkwaardige bybelse*

ondertone het. Een wetenskaplike merk op: "Ons is besig om fisiese, chemiese en biologiese sisteme ... [van die aarde] ... te wysig teen 'n sneller tempo en oor groter ruimtelike skale, as wat nog ooit op aarde geboekstaaf is. Die mensdom het hul onwetend in 'n grootse eksperiment met ons planeet begewe ... [wat] verreikende implikasies vir alle lewe op aarde inhou ... ons nader vinnig baie van die aarde se limiete. Huidige ekonomiese praktyke wat die omgewing skaad ... kan nie mee voortgegaan word sonder die risiko dat noodsaaklike wêreldwye sisteme oor die aardbol heen onherstelbaar beskadig sal word nie" (Speth, bl. 17). Die Universiteit van Cambridge se professor Martin Rees, merk op dat "die mensdom in die een-en-twintigste eeu meer aan die wanaanwending van die wetenskap uitgelewer is as ooit voorheen. Die druk wat op die omgewing uitgeoefen word deur kollektiewe menslike handeling mag as sneller dien vir katastrofes wat groter bedreigings inhou as natuurlike gevare ... Ek dink die kans is nie beter as *vyftig-vyftig* dat ons huidige beskawing op Aarde sal kan oorleef tot die einde van die huidige eeu sonder 'n ernstige terugslag nie" (*Our Final Century*, bl. 8, 186).

Skrywer James Kunstler beskryf 'n reeks van "wêreldveranderende kragte [ekonomies, polities en omgewingsverwant] ... wat die omstandighede van ons

daaglikse lewe fundamenteel sal verander ... op 'n skaal wat niemand nog ooit voorheen waargeneem het nie" (*The Long Emergency*, bl. 1-2). Hy skryf: "Aardverwarming is nie meer 'n teorie wat deur politieke belange betwis word nie, maar 'n gevestigde wetenskaplike konsensus ... [en daardeur, bykomend tot stygende temperature, oorstromings, verspreiding van siektes en groterwordende woestyne] ... sal aardverwarming tot die toestande bydra wat die aarde se ekonomie laat ineenstort" (*ibid.*, bl. 8-9). In hierdie konteks beskryf Kunstler wat wetenskaplikes die "omega-punt" noem – 'n punt waar "die ontsaglike ineengeskakelde netwerk van die Aarde se ekologiese stelsels so verswak sal wees dat *menslike bestaan nie langer moontlik sal wees nie*" (*ibid.*).

Larry Schweiger, president van die *National Wildlife Federation*, het gewaarsku: "Min Amerikaners en min politieke leiers in Washington beseft werklik hoe min tyd ons oor het om op te tree voordat ons beheer verloor oor aardverwarming. Binne ons kinders se leeftyd sal die planeet onder die huidige tempo van kweekhuisgasvrystellings, die draaipunt bereik wat onbeheerbare aardverwarming kan aktiveer" (*National Wildlife*, Aug/Sept. 2006, bl. 9). James Lovelock, 'n medelid van die *Royal Society* skryf: "Ten spyte van al ons pogings om 'n omkeer te bewerkstellig, *mag ons nie in*

staat wees om te verhoed dat wêreldwye agteruitgang uitloop op 'n wêreld waar onmenslike, brutale, oorlogsugtige heersers oor 'n verwoeste Aarde sal heers nie" (Lovelock, bl. 154).

Klimaatsverandering en profesie

Dit is ontnugterend om te sien hoe voorspellings van voorraanstaande wetenskaplikes en wêreldleiers begin **ooreenstem met die Bybel se profesieë** wat die einde van hierdie tydvak en die tyd wat Christus se Wederkoms sal voorafgaan, beskryf. Toe Jesus gevra was: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?", het Hy aan Sy dissipels gesê om op die uitkyk te wees vir: "... oorloë en gerugte van oorloë ... en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke" (Mattheüs 24:3-7). Die apostel Johannes beeld dieselfde eindtydse gebeurtenisse uit as die laaste drie "perderuiters" (oorlog, hongersnood en siekte-epidemies) wat 'n kwart van die wêreld se bevolking sal laat sterf (Openbaring 6:3-8). Vandag voorspel wetenskaplikes dat miljoene mense sal sterf in hongersnode wat deur klimaatsveranderinge veroorsaak sal word en in oorloë wat gevoer sal word oor skaars hulpbronne soos olie en water (Kunstler, bl.5; Speth, bl. 18-19). Jesus noem hierdie toenemende wêreldwye rampe "die begin van

die smarte" wat Sy Wederkoms, wat voor die deur staan, sal voorafgaan (Mattheüs 24:8; 32-35). Wetenskaplikes sê nou dat die huidige klimaatsveranderinge slegs maar *die voorloper is* van meer katastrofiese veranderinge wat nog in die toekoms sal plaasvind.

Jesus het ook voorspel dat voor Sy Wederkoms, " ... daar groot verdrukking [sal] wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie was nie en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mattheüs 24:21-22). Is dit slegs maar *toeval* dat leidende wetenskaplikes vandag *bykans dieselfde ding sê* – dat stygende temperature moontlik die aarde so dramaties sal verander dat in die jare wat voorlê, "dit vir die aarde onmoontlik sal wees om lewe te o n d e r h o u ? " T e r w y l wetenskaplike studies deesdae die toenemende uitwissing van spesies aanteken, is plankton en koraalriwwe besig om dood te gaan in die warmer en suurder oseane en kommersiële visvang om die wêreld se visvoorraad uit te put. Merkwaardig waarsku die profeet Hosea dat daar 'n tyd sal kom wanneer "... die HERE ... 'n regsak [sal hê] met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie ... Daarom treur die land, en alles wat daarop woon, kwyn weg: die wilde diere van die veld en die voëls van die hemel, ja,

ook die visse van die see kom om" (Hosea 4:1-3).

Die profeet Joël voorspel 'n *ongeëwenaarde droogte*: "Hoor dit, o oudstes, en luister, alle inwoners van die land! Het so iets ooit in julle dae of in die dae van julle vaders plaasgevind? ... Die veld is verwoes, die akkerland treur, want die koring is verwoes; die mos het weggedroog, die olie het verdwyn. Die landbouers staan beskaamd, die wynboere weeklaag oor die koring en oor die gars, omdat die oes op die land verlore is. Die wingerdstok het verdor, en die vyeboom het verwelk; die granaat, ook die palm en die appelboom, al die bome van die land het verdor ... Die graankorrels het weggekrimp onder hulle kluite, die voorraadkamers is verwoes, die graanbakke afgebreek, want die koring het verdor. Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie; ook die troppe kleinvee moet boet ... Selfs die diere van die veld smag na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weiveld van die woestyn verteer" (Joël 1:2-3, 10-20; lees ook "Die Dag van die Here" elders in hierdie uitgawe). Lank gelede het Moses gewaarsku dat ongehoorsaamheid aan God se wette sal lei tot droogte en hongersnood (Levitikus 26:14, 19-20). Is dit blote toeval dat wetenskaplikes nou voorspel dat klimaatsveranderinge baie van die aarde se produktiewe landbou-oppervlakte in verdorde woestyn sal verander,

wat nie in staat sal wees om voedsel te produseer nie?

Die *Bybel* se redes vir geprofeteerde rampe is dat die mens God se wette *vergeet* het – insluitende die biochemiese en ekologiese wette wat God ontwerp het om die funksionering van ons omgewing te beheer en te reguleer (Hosea 4:6). As gevolg hiervan sê God dat Hy ons sal toelaat om die gevolge van die verbreking van daardie fundamentele wette te ervaar en dat ons sal *maai wat ons gesaai* het (lees Hosea 4:9; Jeremia 2:19). Moderne wetenskaplikes het tot dieselfde gevolgtrekking gekom rakende die wêreldwye klimaatsverandering wat veroorsaak word deur menslike bedrywighede – dat “ons dit oor onself gebring het” (Speth, bl. 21). Wetenskaplikes skryf deesdae oor die “wraak van Gaia” – tog is dit niks nuuts nie; duisende jare gelede het Moses die Israeliete gewaarsku dat *ás* hulle die land besoedel, *sál* die land hulle uitspoeg (Levitikus

18:28). Ja, soos wat ons voorheen gesê het, die aarde slaan terug! Is ons egter verdoem? Staar ons werklik die einde van die wêreld in die gesig?

Die Wêreld van Môre

Voorspellers wat probeer om verder te kyk as wat hulle beskou as die ineenstorting van ons moderne beskawing, voorsien die noodsaaklikheid van 'n “handboek” – geskryf in duidelike en eenvoudige terme – wat oorlewendes in staat sal stel om “die beskawing weer op te bou sonder om te veel van ons eie foute te herhaal” (Lovelock, bl. 156-158). Hierdie boek moet 'n “handboek wees van hoe om goed te lewe en vir oorlewing”, wat noodsaaklike inligting sal bevat oor die doel van die lewe, ons regte verhouding teenoor die aarde, basiese gesondheidswette en riglyne vir gepaste gedrag” (*ibid.*). Moderne denkers wat *aanneem* dat daar nie so 'n boek bestaan

nie, besef nie dat hierdie essensiële inligting in die Bybel te vinde is nie. Die Skrif stel dit dat die aarde aan God behoort (Psalm 24:1) en dat die mens veronderstel is om dit as rentmeesters te versorg (Genesis 1:28; 2:15). Wanneer Jesus terugkeer, sal Hy “die verderwers van die aarde ... verderf” (Openbaring 11:18) en Sy heiliges gebruik om “die tye van die wederoprigting van alle dinge” te bewerkstellig – insluitende die omgewing van hierdie aarde (Handelinge 3:19-21). Die huidige dramatiese klimaatsverandering is nie 'n *voorskou* van die einde van die wêreld nie, maar eerder die *inleiding* tot 'n baie meer opwindende toekoms waarvan u deel kan wees – indien u begin lewe volgens wat werklik in die Bybel staan en leer om die *betekenis* van die omgewingsverandering wat nou reg oor die aarde plaasvind *uit te ken*, terwyl ons die **Wêreld van Môre** nader! [WVW](#)

Wie beheer die weer?

Is “natuurrampe” die onpersoonlike werking van “Moeder Natuur”, of is dit ’n LEWENSBELANGRIKE boodskap van God?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vrae & Antwoorde

Vraag: Wat is belangriker: Jesus Christus as persoon, of die evangelie wat Hy verkondig het?

Antwoord: Jesus Christus het 'n evangelie kom verkondig, wat 'n boodskap is oor die eerskomende Koninkryk van God (Markus 1:14-15). Alhoewel Jesus Sy dissipels die taak opgelê het “gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Markus 16:15), is baie van dié wat hulself “Christene” noem totaal onbewus van die evangelie wat Hy verkondig het. Daardie evangelieboodskap het 'n komende Koninkryk aangekondig waarvoor Hy Koning sal wees, bygestaan deur diegene wat Hy in hierdie tydvak die “eersteling” noem (Openbaring 14:4). Ons kan nie daardie Koninkryk verstaan – of binnegaan – sonder die Koning nie.

Christus se boodskap word deesdae op een van twee uiterste denkwyses misverstaan. Party mense – wat betwis dat die Koninkryk van God 'n werklike plek sal wees – sê dat die geprofeteerde Millennium – Christus se duisendjarige heerskappy op Aarde, voor die “Laaste Oordeel” (Openbaring 20:11-15) – versinnebeelding is. Hulle onderrig dat die Koninkryk van God “in jou hart” gevestig word. Dit blyk 'n aangename sentiment te wees, maar dit ignoreer Christus se duidelike leerstellings en wat Hy en die Vader vir die hele mensdom beplan. Omdat hierdie misverstand so algemeen voorkom, beklemtoon die Wêreld van Môre dikwels die waarheid oor die glorieryke Koninkryk van God waarvoor Jesus eersdaags sal regeer.

Sommige mense maak egter deesdae 'n heel ander fout. Omdat hulle tereg besef dat Jesus deurentyd klem gelê het op die Koninkryk van God, neem hulle verkeerdlik aan dat omdat Jesus Sy Vader se “Boodskapper” was, dit verkeerd is om te preek oor Sy naamen Sy opoffering.

As 'n voorbeeld van die behoorlike balans verwys die Bybel ons na die diaken Stefanus – die eerste aangetekende martelaar van die Kerk in die tyd van die Apostels. “En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy *die Here* aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!” (Handelinge 7:59). Terwyl hy vir sy onbeskroomde prediking vermoor word, het Stefanus na Jesus Christus, sy Verlosser, uitgeroep. Stefanus het 'n innige verhouding gehad met beide God die Vader en Jesus Christus.

Terwyl Jesus in die vlees was, het Hy aanbidding ten opsigte van Sy persoon aanvaar (Lukas 5:8, 17:16), en toe Hy aan Sy dissipels verskyn het na Sy opstanding, “kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom” (Mattheus 28:9). Jesus, soos Sy Vader, is inderdaad ons aanbidding waardig – aangesien Hy die Een is wat die voorhangsel geskeur het en dit vir ons moontlik gemaak het om ons Vader te aanbid (2 Korinthiërs 3:14).

Die Apostels – wat direk deur Christus onderrig was – het, soos Jesus, die Koninkryk van God verkondig. Na Christus se opstanding het hulle steeds “die hele raad van God” (Handelinge 20:20-27) verkondig – wat bekering tot God, geloof teenoor Christus en die evangelie van genade insluit – alles wat noodsaaklik is vir dié wat die Koninkryk van God wil binnegaan.

Die apostel Paulus het die Koninkryk van God, en ook van daardie dinge aangaande Jesus Christus, gepreek (Handelinge 28:30-31). Sy fokus was op “Jesus Christus, en Hom as gekruisigde” (1 Korinthiërs 2:2) – op ons Verlosser, die Een deur wie se opoffering ons die Koninkryk van God sal kan binnegaan! Hoe het Paulus hierdie evangelie beskryf? Hy erken dat die evangelie “waardeer julle ook gered word” die boodskap insluit dat “Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte” en dat “Hy op die derde dag opgewek is” (1 Korinthiërs 15:1-8).

Ter opsomming, ons kan nie Christus se evangelie verstaan en aanneem, of ons werklik bekeer en Sy Koninkryk binnegaan, sonder om Sy persoonlike opoffering te aanvaar nie. Dié wat aanvoer dat 'n blote “geloof in Christus” genoeg is om die Koninkryk binne te gaan, behoort te onthou: selfs die duiwels “glo” in Christus (Jakobus 2:19). Die Wêreld van Môre streef daarna om die eenvoudige waarheid van die saak aan te bied – dat, deur die opoffering van Jesus Christus, diegene wat Hom vandag gehoorsaam hulle voorberei om Hom by te staan met Sy regering tydens die geprofeteerde Millennium wat voorlê, wanneer Hy die vele foute wat die mensdom oor duisende jare van wanbestuur begaan het, sal regstel. **W&M**

Profesie neem

God, Godsdiens en die Europese Unie

Kragtige magte werk tans saam in die hoop om binne hierdie dekade 'n politieke eenheid in Europa te bewerkstellig. Duitsland sal hierdie poging dryf gedurende die ses maande wat hy in die eerste helfte van 2007, aan die stuur van die Europese Unie staan. Die Vatikaan gooi ook sy gewig en invloed in agter die poging om nasies van Europa in 'n nouer eenheid te betrek. Bybelprofesieë het lank reeds aangedui dat net voor die einde van hierdie tydperk, die wêreld die herlewing van 'n magtige entiteit in Europa sal sien wat sal opkom uit die oorsprong van die Romeinse Ryk (Daniël 2:40-45). Hierdie herlewing sal ondersteun word deur 'n kerk wat gelei word deur 'n invloedryke godsdiensfiguur (Daniël 7:7-8; Openbaring 13:17). Hierdie profesieë *neem nou gestalte aan* in die nuus wat vandag opslae maak!

Duitsland neem die voortou

Die Duitse kanselier Engela Merkel het in Januarie vanjaar, toe Duitsland sy nuutste termyn in die EU presidentskap begin het, gesê sy hoop om die amp te gebruik om groter politieke eenheid in Europa te bevorder en om die EU grondwet te laat herleef nadat dit in 2005 op die rak geplaas is deurdat dit deur die Franse- en Nederlandse

kiesers verwerp is. Persverklarings stem saam, "Duitsland sal sy presidentskap van die EU gebruik... om druk uit te oefen vir die volledige oorsetting van die Europese grondwet wat opsy geskuif is" (*The Times*, 4 Desember, 2006). Tot op hede het 18 nasies die grondwet bekragtig; die dokument moet egter eenstemmig goedkeuring van al die EU lande ontvang om amptelik verklaar te kan word. Terwyl Duitsland en Frankryk vantevore saam gewerk het om die EU te bou, wil dit voorkom of Duitsland nou teensinnig is om vir Frankryk te wag. Merkel het gesê: "Duitsland het ander vriende naas Frankryk" (*International Herald Tribune*, 22-23 April 2006). Romano Prodi, die Italiaanse Eerste Minister, het in 'n toespraak in Berlyn gesê: "As gevolg van die rol wat ons in die verlede gespeel het en steeds voortgaan om te speel, het *Italians en Duitsers* – tesame – die historiese, en sal ek sê, morele plig, om die verantwoordelikheid te aanvaar om *die proses van politieke en grondwetlike integrasie weer aan die gang te sit*" (www.socialistgroup.eu). Mnr. Prodi het in Berlyn 'n beroep op sy gehoor gedoen om "sterk te staan en iets dapper te doen" wanneer hulle "ons gesamentlike projek weer van stapel laat loop" (*ibid.*). By 'n

kongres in Portugal het Prodi gesê: "Die jaar 2007 moet die jaar wees om Europa weer op koers te kry". Een Duitse diplomaat wat die swakheid van die huidige Europese leiers waargeneem het, het gesê Duitsland "kan dit vinniger laat gebeur as wat enigeen beseft" (*The Times*, 4 Desember, 2006).

Die tydrooster

Die volgende paar jaar kan baie belangrik vir Europa en vir die wêreld wees. Een deskundige sê: "Die leiers van Frankryk en Duitsland het tot 'n nuwe tydrooster ooreengestem om die EU grondwet te probeer laat herleef... Beide leiers [Jacques Chirac en Angela Merkel] het ooreengekom... dat die grondwetlike verdrag hersien sal word gedurende die Duitse presidentskap... Onder die Franse presidentskap gedurende die tweede helfte van 2008, behoort die besprekingsproses afgehandel te wees en kan vaste besluite geneem word" (*euobserver.com*, 7 Junie 2006). Chirac het gesê hy "vertrou dat die Duitse presidentskap die skip in die regte rigting sal stuur" (*ibid.*). Frank-Walter Steinmeier, die Duitse Minister van Buitelandse Sake, het gesê: "Ons het 'n grondwet so gou as moontlik nodig... sodat ons kan voordeel trek uit beter verteenwoordiging

gestalte aan

in buitelandse beleid en sake van beveiliging” (*euobserver.com*, 5 September 2006). Steinmeier het ook “aangedui dat Berlyn 'n 'strategiese plan' sal voorlê vir die bekragtiging van die grondwet aan die einde van sy presidentskap, in die vroeë somer van 2007” (*euobserver.com*, 7 April 2006). Die deurslaggewende faktor in al hierdie onderhandelinge is dat “Duitsland teen 2009 die grondwet bekragtig wil hê oor die hele EU heen” (*ibid.*).

Die godsdiensfaktor

In die 50 jaar sedert die Verdrag van Rome in 1957 onderteken is, het Europese leiers probeer om 'n verenigde Europa te bou op 'n *wêreldse* fondament van verdrae en ekonomiese bepalings. Hierdie pogings was egter nie voldoende om aan die vereistes te voldoen nie. Nou gaan die pogings 'n ander faktor insluit – *godsdiens*. Kanselier Merkel “het haar ten gunste van 'n *verwysing na God* in die grondwet uitgespreek ... Dit is die eerste keer dat Berlyn hom ten gunste van 'n Christelike verwysing in die EU grondwet **u i t g e s p r e e k h e t**” (*euobserver.com*, 26 Mei 2006). Merkel, die dogter van 'n Protestantse pastoor, het haar uitgangspunt herhaal na 'n somer oudiënsie met die Duits-

gebore Pous Benedict XVI: “Ek bevestig my siening dat ons 'n Europese identiteit benodig in die vorm van 'n grondwetlike verdrag en ek dink dit moet gekoppel wees aan Christelikheid en God, aangesien die Christendom Europa op 'n beslissende wyse gesmee het” (*euobserver*, 29 Augustus 2006). Duitsland behoort ondersteuning vir hierdie poging te verkry vanuit die oorwegend Rooms-Katolieke lande soos Spanje, Italië en Pole, wat vroeëre pogings om na Christelikheid en God in die grondwet te verwys, gesteun het.

Die beroep op die saambindende mag van godsdiens is geen verrassing nie. Jacques Delors, voormalige president van die Europese Kommissie, het die *noodsaaklikheid* vir Europa se bouers gesien om “*n siel aan Europa te gee*, om dit geestelike lewe en betekenis te gee” (*cec.kek.org*). Ten einde die mag van godsdiens te gebruik om die grondwet te laat herleef en die Europese integrasieproses weer aan die gang te sit, het die Vergadering van Europese Kerke hulle daartoe verbind “om by te dra tot oprigting van 'n Europa waarin ons tuis kan voel en trots op kan wees. Die kerke in samewerking met hulle verwante organisasies en agentskappe *is gereed om*

vennote te wees van die Europese politieke instellings” (*ibid.*). Jan Figel, Kommissaris van die Europese Unie, het aan 'n groep van 60 Europese kerkleiers gesê: “Dit is nodig dat Europese Instellings in voortdurende gesprek met kerke, gemeenskappe van geloof en die samelewing moet wees” (*christiantoday.com*). Europese biskoppe het 'n hoë-profiel groep daargestel – wat slegs uit Rooms-Katolieke bestaan – om aan te dring op die insluiting van 'n verwysing na Christelikheid en om op 25 Maart 2007 in Berlyn, “'n politieke verklaring van die EU se waardes en ambisies te beïnvloed” – op die 50ste herdenking van die Verdrag van Rome wat die grondslag gelê het vir die huidige EU (*euobserver.com*, 11 September, 2006). Die biskoppe se teks lui: “... die Christelike invloed op die Europese projek was 'n onbetwisbare feit ... die stigters van die Unie ... is geleidelik deur waardes soos menseregte, regswaarborg van persoonlike vryheid, solidariteit, noodhulpverlening ... en demokrasie ... hierdie waardes kom ooreen met die Katolieke maatskaplike leer” (*euobserver.com*, 19 Desember 2006). Dit sal van alle immigrante wat na Europa toe kom *verwag* word om aan hierdie voorwaardes te voldoen (*euobserver.com*, 16 Mei 2006).

Die toenemend sigbare pogings van geestelike figure – veral Rooms-Katolieke leiers – om die Europese grondwet te laat herleef nadat dit deur die Franse- en Nederlandse kiesers verwerp is en deur verskeie politieke leiers as “dood in die water” verklaar is, stem ooreen met lank-bepeinsde profesieë aangaande die einde van hierdie tydvak. Die apostel Johannes skryf van 'n luiperd-agtige dier ('n polities-ekonomies-militêre entiteit) wat 'n *dodelike wond* opdoen en *verbasend genees*

word, en 'n lam-agtige dier ('n godsdienstige entiteit) wat 'n rol speel in die genesing van die wond, lewe gee aan die dier en veroorsaak dat die wêreld die eerste dier aanbid (Openbaring 13:1-15). Johannes openbaar ook dat politieke leiers wat met hierdie dier geassosieer word, *intieme sake* sal doen met 'n groot kerkorganisasie wat vir hierdie eindtydse dier-moondheid voorspraak sal maak en dit sal beïnvloed (Openbaring 17:1-2). Indien die Europese grondwet weer

herleef en nasies van Europa weer voortstu na politieke eenheid, kan dit wel toegeskryf word aan die mag van godsdiens. Die Rooms-Katolieke kerk, wat 'n unieke rol gespeel het in die kroning van die keisers van die Heilige Romeinse Ryk, is weer eens in 'n unieke posisie om hulp aan die Europeërs te verleen in hulle soektog na eenheid – en om *gestalte te gee* aan antieke profesieë! — *Douglas S Winnail*

Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en vermeld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**

Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.

Vervolg vanaf bladsy 16 – Wat gebeur as die VSA in Irak faal?

hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorfloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie *volke* sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie. En hy sal mag hê oor die skatte van goud en silwer en oor al die kosbaarhede van Egipte, terwyl die Líbiërs en die Kusiete sy voetstappe volg. Maar

gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdag en met die banvloek te tref. En hy sal sy paleistente opslaan tussen die see en die berg van die heilige Prag [die berg Sion in Jerusalem]; maar hy sal aan sy einde kom, en daar sal vir hom geen helper wees nie” (Daniël 11:40-45).

Sal 'n heringestelde Kalifaat aan ons die geprofeteerde koning van die Suide gee en neem ons nou die voorlopige stappe tot sy opkoms waar? Sal

'n hernude strategiese bedreiging vanuit die Midde-Ooste die Katolieke identiteit en militarisme in Europa laat herleef? Hou aan om u Bybel te bestudeer om hierdie profesieë te verstaan, hou aan om die Tomorrow's World beeldsending dop te hou en gaan voort om die Tomorrow's World/Wêreld van Môre-tydskrifte te lees, om op hoogte te bly aangaande hierdie uiters belangrike wêreldgebeure in die konteks van Bybel-profesieë. **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

moet volgens daardie geïnspireerde Skrif **leef!** Alle *ware* Christene – opregte navolgers van Jesus Christus – moet dus bereid wees om te **leef** volgens die geïnspireerde leringe van die Skrif, soos Jesus opdrag gegee het.

Die oorspronklike, *ware* Kerk was vir eens en altyd gebaseer op die *lering* en *verkondiging* van die **geïnspireerde woord van God!** Die dienaars en ouderlinge het die Bybel ten tye van die dienste *verduidelik* en **uitgelê** – deur *regstreeks* uit die Bybel te lees en deur te wys wat die Bybel se ware verduidelikings van die doel van die lewe, die wette van God en Sy plan met ons almal se lewens is. Kerkdienste het selde, indien ooit, klem gelê op geskiedenis, filosofie of die “tradisies van mense”.

Hoewel kerkkore en aktiwiteite beslis aangenaam kan wees, is kerkdienste **slegs** van ware nut tot die mate waarin dit die Bybel *ten volle verduidelik*, gelowiges *vermaan* en *inspireer* om werklik te glo en **gehoorsaam** te

wees aan die woorde van die Bybel en om Christus toe te laat om Sy lewe in hulle te laat leef deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20). Gesellige same-syn en vriendskap is wonderlike eienskappe van die ware Kerk van God, maar daardie soort menslike interaksie word ook in die Rotary- of Lionsklub en ander sosiale forums aangetref. Om voor die Skepper te kom om Hom te **aanbid** en Sy **Waarheid** te leer, is op 'n *heel ander vlak!*

Jesus het vir 'n nie-Joodse vrou wat God op 'n “ander” manier aanbid het gesê: “Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en *die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid*” (Johannes

4:21-24).

Om die Christus van die Bybel dus *werklik* na te volg, moet ons God “in gees en **waarheid** aanbid” (vers 24). En wat **is** die “Waarheid?” Jesus Christus het verkondig, “Heilig hulle in u waarheid; *u woord is die waarheid*” (Johannes 17:17).

Indien u die God van die Bybel en Sy Seun Jesus Christus *opreg* wil dien en aanbid – indien u Hul seën en beskerming werklik wil hê in die gevaarlike tyd wat voorlê – moet u ernstig, aanhoudend en **eerlik** probeer om die Kerk op te spoor wat Jesus Christus op die been gebring het, waarvan Hy die lewende Hoof is (Efesiërs 1:22), die Kerk wat werklik **Sy volle Waarheid** verkondig en onderrig (Handelinge 28:30-31) en wat vandag Sy *Werk* op aarde doen! U moet bereid wees om die ware God eerlik en ywerig te “soek”. U moet bereid wees om Hom te dien en te aanbid soos **Hy** in Sy geïnspireerde woord openbaar!

Dit is moontlik uit die aard van die saak “geriefliker” om die kerk van u familie of vriende by te woon, of om na die naaste kerk in u buurt te gaan. Dit mag “lekkerder” wees om 'n kerk by te woon wat 'n groot koor of baie aktiwiteite het. Tog waarsku die Christus van die Bybel ons ernstig, “En **wat** noem julle My: Here, Here! *en doen nie wat Ek sê nie?*” (Lukas 6:46). *Waarom* dan 'n kerk bywoon waar hele gedeeltes en boeke van die Bybel selde, indien ooit, deeglik gedurende die dienste verduidelik en uitgelê word? Waar die mense wat bywoon **nie** werklik hul lewens, denke en optredes **verander** as gevolg van die kragtige prediking van God se woord nie? Waar *'n kwart* van die hele Bybel, wat *geïnspireerde profesie* is, selde verduidelik word? Waar die lidmate feitlik **geen insig** kry dat ons nou in die “laaste dae” leef nie? Waar hulle **nie** gewys word wat die besondere gebeure is wat Christus se Wederkoms na hierdie aarde sal voorafgaan en waarvoor hulle “op die uitkyk” moet wees nie?

Waarom sal **enigeen** inderdaad sy of haar tyd in so 'n plek vermors?

Namate die profetiese gebeure van die **eindtyd** momentum kry – namate die **geprofeteerde** droogtes, aardbewings, siekte-

epidemies en dade van **terrorisme** ons al meer begin raak – sal die handeklappende, singende mense in die een of ander naburige kerk u “red”? *Wie* kan u en u geliefdes werklik beskerm indien u nie bereid is om na die God van die Bybel te soek en Hom “in gees en **Waarheid**” te aanbid nie?

Deur die *Wêreld van Môre*-tydskrif en hierdie *Werk is u* in aanraking gebring met die ware Kerk van God. *Indien* God in die proses is om u verstand werklik te open en *indien* u die moed het om te **reageer** op die Waarheid, moedig ek u aan om dit “deur te voer”. Gaan dít wat ons sê selfs dieper na. **Bewys** dít wat ons onderrig uit *u eie Bybel*. Ons lering kan maklik uit die Bybel self *bewys* en *bekragtig* word – omdat dit die **Waarheid is**.

Ek moedig u aan om vandag te *skakel* of te *skryf* en meer van ons *gratis* literatuur aan te vra. Soos u seker reeds agtergekom het, is *al* ons literatuur heeltemal *gratis*. Indien u werklik meer wil verstaan, is daar twee boekies wat van wesenlike belang is wat ek graag wil hê u moet aanvra. *Hervestig die Christenskap van die Apostels* sal u oë open vir wat werklik met die “hoofstroom” Christendom gebeur het en wat 'n ware Christen te doen staan. *Waar is God se ware Kerk vandag?* sal duidelik – met spesifieke **bewyse** uit die Bybel – toon wat die wesenlike **identifiserende eienskappe** van God se ware Kerk is sodat u kan sien *waar* daardie Kerk vandag is.

Namate die profetiese gebeure waarvan *hierdie Werk* u inlig voortgaan om te gebeur en in intensiteit toeneem, en namate God u verstand open vir die groot **Plan** wat Hy besig is om uit te werk, maak seker dat u **reageer**. God vertel ons in *baie* verskillende gedeeltes van Sy geïnspireerde woord om te **handel** volgens die Waarheid. “En word **dadars** van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie” (Jakobus 1:22).

Mag God *u* die insig, die geloof en die **moed** gee om *op te tree*!

